die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

Februarie 2018 No. 308

# Raponsie



LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* - 1 Kor. 1:23-24

Februarie 2018 | No. 308

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Raponsie

**REDAKSIONEEL**

**Ds. Schalk Strauss**
"Trou met my" ..... 1

**AMPTELIK** ..... 2

**ONTVANG DIE WOORD**

**Ds. Nico Swart**
Huweliksmaats – deur die Here bestem! ..... 3

**ARTIKELS**

**Jen Wilken**
Oor dogters en hul kêrels ..... 5

**Marshall Segal**
Soek 'n pasmaat in plaas van 'n bedmaat ..... 7

**Ons gesels met ...**
Keagan Rossouw ..... 11

**Vern Poythress**
Hoe ek my seuns gehelp het om Christenmanne te word ..... 13

**Ds. Nico Coetzee**
Die herkoms van die Majubafees ..... 15

**Theo du Plessis**
'n Vaste burg: Reformasietoerdagboek ..... 17

**Gerhard Fourie**
Nederigheid of ootmoed – die vergete deugsaamheid ..... 19

**AKTUEEL**

Briewe ..... 6
Smeltoond ..... 10
Huldeblyk: Ds. HJ Malan ..... 20
Resensie: *Foundations for Fathers* – R Combrink ..... 21
Bybelwoordblok met inkleurpret ..... 23
Antwoorde: (DB Des. 2017/Jan. 2018, p. 18) ..... 24
Gemeentenuus ..... 25

**HOE WERK MY KERK?**

**Ds. Attie Boshoff**
Plaaslike kerkvergaderings ..... 35

**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Redaksielede**
Di. IP du Preez, JJ Venter,
AS van Staden, HJ Dafel

**Redaksiesekretaresse en advertensies**
Mev. T van Lille
**Tel.:** 012 362 1390 x 210
**Faks:** 086 559 7260
**E-pos:** boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

---

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Sentrale Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**E-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za
**Die Boodskapper:**
boodskapper@apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**

Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**E-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

---

Gedruk en gebind deur:

BusinessPrint
reliable perfection

**Voorblad:** Marius Gouws
**Bladuitleg:** Melaney Luwes
**Uitgegee deur:**
Lig in Duisternis Uitgewers
(Tel. 012 362 1390)



# "Trou met my"

**Ds. Schalk Strauss**

Menige meisie droom van die dag wanneer 'n aantreklike jongman op sy knieë voor haar sal staan terwyl hy met droomverlore oë na haar kyk en haar die groot vraag vra. Aan die ander kant kan die jongmanne nie wag om die vraag te vra en daardie (hopelik) oorstelpte, histeries-belaaide, vreugdevolle "ja" te hoor terwyl sy in sy arms spring nie. Gewoonlik gaan die vra van hierdie vraag met baie groot beplanning gepaard. Dit is immers nie 'n vraag wat jy sommer so terloops vra terwyl julle saam op die rusbank sit nie! Die tydsberekening moet reg wees, die plek moet noukeurig uitgesoek word, die geheim moet bewaar word en die geleentheid moet onvergeetlik wees.

Dit is egter jammer dat jongmense vandag dikwels meer tyd bestee aan die beplanning van hierdie geleentheid as wat hulle daaraan bestee om seker te maak dat die een aan wie hulle die vraag vra of die een wie die vraag vra, die regte een is. "Is hy/sy *die regte een*", is inderwaarheid 'n baie belangriker vraag om te vra as "trou met my". Hoe weet 'n mens iemand is die regte een, wou my tienjarige dogtertjie nou-die-dag by my weet. Hoe antwoord 'n ouer hierdie vraag? Is dit genoeg om te sê: Jy sal weet as dit regte een is? Is dit nie maar net 'n maklike manier om jou uit hierdie moeilike vraag los te wikkel nie? Waarna moet 'n mens soek? Watter kwaliteite moet daar in die ander een wees? Watter waardes is belangrik? Hoe maak ek my kind groot om eendag daardie "regte een" vir iemand anders te wees?

In 'n wêreld waarin liefde gereduseer word tot daardie "vlinders-op-die-maag-gevoel", kry 'n mens soms die idee dat ons baie keer maar net besig is met 'n moderne weergawe van Lupercus-verering. Reeds so vroeg as die jaar 400 v.C. het die Romeine jaarliks 'n baie gewilde lotery ter ere van hul god, Lupercus, gehou. Op die aand van 14 Februarie is alle jongmeisies se name in 'n houer gegooi waaruit die jongmanne "lus"tig 'n naam kon trek. Die meisie wie se naam getrek is, is dan daardie jongman se "maat" vir die volgende jaar.

'n Mens kry deesdae die idee dat jongmense se keuse van 'n lewensmaat na willekeur plaasvind terwyl wellus die grootste dryfkrag agter die keuse is. Die begeerte na intimiteit raak die lens waardeur ons kyk. Wanneer hierdie "vlinders-op-die-maag-gevoel", oftewel die fisiese aantrekkingskrag nie meer so sterk is nie, is daar darem altyd die opsie om die volgende jaar weer 'n ander "maat" se naam te trek. Vanuit alle oorde is dít die ideale verhoudingsprentjie wat voorgehou word. Ons behoort dus indringend oor die opvoeding van ons kinders ten opsigte van verhoudings te besin.

**In Génesis 2:24 lees ons dat *die man sy vader en sy moeder [sal] verlaat en sy vrou aankleef.***

Hierdie teks is nie net van toepassing op die huwelik nie, maar het volgens Douglas Wilson ook betrekking op die wyse waarop ons ons kinders grootmaak. Ons behoort hulle só groot te maak dat hulle in staat is om die huis te verlaat. Dit impliseer dat hulle ook toegerus behoort te wees om op grond van die regte kriteria die regte keuses ten opsigte van lewensmaats uit te oefen.

In die lig hiervan is ons tema vir Februarie *Raponsie*. Met hierdie tema sluit ons graag aan by Jen Wilkin wat in haar artikel "Oor dogters en hulle kêrels" hierdie beeld aan die orde stel. Die bedoeling is natuurlik nie om soos 'n bose, selfsugtige ouer jou dogter soos Raponsie bo in 'n toring sonder enige deure toe te sluit uit vrees daarvoor dat sy jou huis gaan verlaat nie. Dan is ons juis nie gehoorsaam aan die opdrag in Génesis 2:24 nie. Wilkin moedig egter ouers aan om, wat hulle dogters betref, die mure so hoog te bou dat dit die papbroeke sal afskrik terwyl dit die ware manne sal uitdaag om tot bo te klim en haar hart te verower.

Paul Maxwell sluit hierby aan in sy artikel "Ware mans hou van sterk vrouens". Hy kry dit reg om vir ons te wys hoe dit lyk wanneer jou dogter se mure hoog gebou is. Soos Jael behoort sy nie bang te wees om sondige mans te ontmasker en selfs die spreekwoordelike pen deur hulle koppe te dryf nie (vgl. Rigt. 4:21). Soos Abígail behoort sy nie terug te deins daarvoor om selfs 'n goeie man tereg te wys nie (vgl. 1 Sam. 25:31) en soos Eunice en Loïs (vgl. 2 Tim. 1:5) behoort sy dit as haar roeping te beskou om haar seuns so groot te maak dat hulle eendag Godvresende manne sal wees. Hulle skoonheid en aantrekkingskrag moet juis in hulle innerlike krag en geloof lê. As 'n jongman nie bereid is om daardie toring uit te klim nie, is hy haar nie waardig nie.

Dit sou egter vrugteloos wees as ons al ons opvoedingsenergie op ons dogters fokus en nie ook prinse grootmaak wat kans sien om teen die hoogste toring uit te klim nie. In 'n tyd waarin seuns en jongmans in 'n geslagsgelyke wêreld aangemoedig word om hulle manlikheid prys te gee en meer in voeling met hulle vroulike sy te wees, raak dit dringend noodsaaklik om manne na God se hart groot te maak wat uiteindelik hulle vroue *soos Christus* (Efés. 5:25) sal liefhê.

Mag hierdie uitgawe ons aanspoor om opnuut te besin oor ons verantwoordelikheid as ouers. Februarie staan wyd bekend as die maand van die liefde met Valentynsdag wat op 14 Februarie gevier word. Mag hierdie uitgawe ons egter aanmoedig om ons verstaan van verhoudings en die liefde nie te vervlak tot die somtotaal van Valentynsdag nie. Uiteindelik behoort ons kinders se mure so hoog te wees, dat hulle nie daardie een sal kies wat die mees romantiese Valentynsdagkaartjie kan skryf nie, maar daardie een wat bereid is om die hoogste muur uit te klim en die ja-woord te vra.

**VERSKYNINGSDATUMS:** *Die Boodskapper* 2018

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| Maart | 18 Januarie | 26 Februarie |
| April | 20 Februarie | 22 Maart |
| Mei | 12 Maart | 17 April |
| Junie | 29 Maart | 18 Mei |
| Julie/Augustus | 9 Mei | 28 Junie |
| September | 2 Julie | 16 Augustus |
| Oktober | 2 Augustus | 20 September |
| November | 7 September | 19 Oktober |
| Des. 2018/Jan. 2019 | 5 Oktober | 26 November |

**AMPTELIK**

## LERAARS

### Beroep ontvang
Ds. MG Muller (emeritus) na Petrusburg met beperkte dienstermyn.

### Beroep bedank
- Ds. MG Muller (emeritus) na Petrusburg met beperkte dienstermyn.
- Ds. JA Jacobs (Bainsvlei) na Groter Durban.

### Status toegeken
Die Kuratorium het tydens sy vergadering van 14 November 2017 volgens Artikel 10.2 van die Kerkorde aan André van den Berg (jr.) status toegeken. Hy is op 30 November 2017 gelegitimeer en het op 10 Desember 2017 'n beroep na Bloemfontein-Noord ontvang.

### Prof. Marè verhuis na Mosselbaai
Prof. Roelof Marè se dienstermyn by Cullinan/Rayton verstryk op 31 Desember 2017.
Hy verhuis na Mosselbaai.

### Leraars emeriteer
- Ds. S Hoffman (Orania) emeriteer op 31 Januarie 2018.
- Ds. MG Muller het op 30 September 2017 geëmeriteer.

### Ds. HJ Malan oorlede
Ds. HJ Malan is op 19 Oktober 2017 oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke bystand van die Here toe.

## ADRESVERANDERINGE
**Prof. R Marè:** Grasvoëlsingel 22, Aftree-oord Mosselbaai/Privaatsak X8, Standplaas 156 Mosselbaai 6506. Sel: 082 499 4782.

## INSKRYWINGSVORMS: *DIE BOODSKAPPER* 2018
Inskrywingsvorms vir *Die Boodskapper* vir gemeentes en enkelintekenare vir 2018 op die webblad beskikbaar: www.apk.co.za. Inskrywingsvorms vir 2018 elektroniese intekenare R18.00 per eksemplaar. Kyk ook die vorm op p. 32.

### Legitimasie van teologiese studente
Aangesien die legitimasie van die studente eers op 28 Januarie 2018 plaasvind, sal die studente se name wat goedgekeur en as proponente beroepbaar gestel word op Vrydag 26 Januarie 2018 op die webwerf verskyn. Hulle name en besonderhede sal dan in die eerskomende *Boodskapper* verskyn.
**Redakteur**



# Huweliksmaats – deur die Here bestem!

**Ds. Nico Swart**

Sing: Ps. 96:1, 5, 7; Ges. 328:1, 3 • Skriflesing: Gén. 24:1-9, 33-46, 57-59, 63-67

## Inleiding

*Trou is nie perdekoop nie* – so lui die uitdrukking wat al vir vele geslagte in die volksmond geuiter word om te wys op die groot omsigtigheid waarmee die keuse van ’n huweliksmaat benader behoort te word: Iets wat vir baie mense al groot vreugde gebring het, maar ongelukkig vir vele mense ook groot hartseer. In Génesis 24 is daar ’n pragtige liefdesverhaal met soveel belangrike elemente wat beginsels en uitvloeisels t.o.v. die huwelik illustreer.

Hierdie gedeelte vertel die mooi verhaal van hoe Abraham Rebekka as vrou vir Isak verkry het.

## Die huwelikspaar wat die Here bestem het

Génesis 24:1 vertel dat daar ’n mooi verhouding tussen Abraham en God was. Daar staan: ... *en die Here het Abraham in alles geseën.* Vir almal wat met Abraham kontak gehad het, familie, vriende, werkers en vreemdelinge was dit duidelik dat God en Abraham ’n besondere band met mekaar gehad het.

Abraham het besef hoe belangrik die huwelik is. Hy wou nie vir sy seun Isak ’n vrou kry wat uit die agtergrond van die Kanaäniete kom nie (Gén. 24:3). Die vrou wat Abraham vir sy seun Isak wou hê, moes dieselfde agtergrond, gewoontes en godsdienstige oortuigings as sy seun hê. Só belangrik was hierdie besluit vir Abraham dat hy nie net een van sy gewone diensknegte vir hierdie taak stuur nie; hy stuur ’n dienskneg wat opsig oor al sy besittings gehad het (Gén. 24:2).

Uit die gedeelte is dit ook duidelik dat Abraham geweet het die Here berei mense voor en bestem hulle dan vir mekaar (Gén. 24:7) In God se raad is daar nie ’n “noodlot” nie. Ook die dienaar wat Abraham gestuur het, bevestig dit as hy verklaar ... *sý is die vrou wat die Here vir die seun van my heer bestem het* (Gén. 24:44). God is die Een wat twee mense in die huwelik saamvoeg (Mt. 19:6) en dit moet deur die mens eerbiedig word. Dit is God wat man en vrou vir mekaar bestem. Rebekka se vader, Bétuel, en haar broer, Laban, gee aan die dienaar van Abraham ’n antwoord wat wys dat hulle dít wat die dienaar in Génesis 24:44 geantwoord het, bevestig.

> ... *neem haar en gaan heen, dat sy ’n vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos die Here gespreek het* (Gén. 24:51).

Elkeen, man en vrou, is reeds van ewigheid af gekies en word in hulle lewens deur God voorberei om bymekaar te kom. Die Here gebruik o.m. dinge soos verbondsonderrig, boodskappe tydens eredienste en ander dienste, Bybelstudies, huisgodsdiens en persoonlike stiltetyd (Mt. 6:6) om jongmense te vorm. Ook ander persone kan deur die Here gebruik word soos bv. onderwysers, vriende, ouers en ander familie, predikante en soms selfs vreemdelinge.

In die Bybel is daar pragtige voorbeelde van hoe die Here mense gebruik om ander te vorm en toe te rus. In Handelinge 22:3 vertel Paulus self dat hy by Gamáliël (volgens Hand. 5:34 ’n leraar wat by die volk hoog in aansien was) baie geleer het. Gamáliël het ’n belangrike rol in Paulus se vorming as jongmens gespeel. Nog ’n voorbeeld is in 2 Timótheüs 1 waar verwys word na Timótheüs se ma en sy ouma wat ook in sy lewe deur

die Here gebruik is om hom te vorm en voor te berei vir sy groot taak as leraar van 'n gemeente.

Vanuit hierdie wete spruit daar 'n belangrike verantwoordelikheid vir ouers voort. Wanneer ouers besef dat God die man en vrou voorberei, dan sal ook hulle alles doen wat binne hulle menslike vermoë val om die jongman en meisie voor te berei vir hulle volwasse lewe en veral vir die moontlikheid van 'n huwelik. Sake soos lojaliteit, betroubaarheid, liefde, getrouheid en nog vele ander kosbare eienskappe sal ouers dan met hulle kinders deel in die hoop dat hulle die belangrikheid daarvan besef en in hulle hele lewe, maar veral hulle huwelike toepas.

## Rebekka kies!

'n Baie belangrike ding gebeur. In Génesis 24:57 word vertel dat Rebekka se broer en haar moeder vir haar gevra het hoe sý daaroor voel om saam met die dienaar te trek en die bruid van Isak te word. Hierdie was eintlik iets wat nie gewoonlik gebeur het nie. In daardie tyd was daar gewoonlik vooraf besluit met wie 'n jongmeisie sou trou en haar menings en gevoelens het nie saak gemaak nie. Maar in hierdie geval gebeur dit anders.

In 'n verhouding, en veral in 'n huwelik, is dit belangrik dat beide partye hulle volle verbintenis en toegewydheid sal gee. Dit kan slegs gebeur as beide partye in hulle harte gelukkig met die verhouding/huwelik is.

Hierdie gedeelte wys ook op die feit dat Rebekka se ouers en ander familie haar keuse en besluit gerespekteer het. Wanneer ouers hulle kinders volgens die Woord van God opvoed, toerus en voorberei vir die volwasse lewe, is dit soveel makliker vir die ouers om toe te sien dat hulle kinders die regte besluite, volgens menslike oordeel, neem. Ouers kan hulle kinders voorberei om Christelike morele waardes in hulle lewens te leer en toe te pas.

Génesis 24 sluit af met 'n teksvers wat vertel wat in die lewe van Isak en Rebekka gebeur het. Isak het besef dit is die vrou wat die dienaar vir hom gebring het en Isak voer 'n simboliese handeling uit om te wys dat hy haar as sy vrou wil hê. Vers 67 sê: *En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad.* Rebekka, deur God voorberei en bestem, het 'n belangrike rol in die lewe van Isak gespeel. Die HERE gebruik haar om vir Isak te troos ná die dood van sy moeder en sy neem haar plek in as die vrou in Isak se lewe. Sy word die moeder van tweelingseuns (Gén. 25) en is uiteindelik deel van die stamboom van Jesus Christus (Mt. 1).

## Jesus Christus, die Bruidegom, berei sy bruid voor

In Efésiërs 5 word daar 'n pragtige vergelyking getref t.o.v. die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk. Die beeld behels dat Jesus Christus die Bruidegom is en die kerk sy bruid. Vir vroue word die opdrag gegee om in die huwelik teenoor hulle mans op te tree soos wat die kerk teenoor Jesus Christus moet optree (Efés. 5:24).

Anders as by 'n gewone huwelik egter is die Bruidegom in hierdie geval self, deur die Heilige Gees, besig om sy bruid, die Kerk, voor te berei. Hy wil hê sy bruid moet saam met Hom in 'n wonderlike verhouding staan. 'n Huwelik wat simbolies van die hemelse huwelik is, is met wedersydse liefde, respek en omgee gevul. Om hierdie kosbare verhouding te bewerkstellig, het Hy sy Woord gegee.

Die Heilige Skrif is gegee om die Kerk voor te berei en te bemagtig. Gedeeltes soos Efésiërs 6 (Die wapenrusting), Romeine 8 (Oorwinningslied), Galásiërs 6 (Laaste vermaninge) en soveel ander gedeeltes word vir die gelowige gegee om hom/haar voor te berei en dit uit te leef in hulle verhouding met God. Vir die gelowige word gesê: Gebruik dit wat jy in die Skrif kry om die voorbeeld wat Jesus Christus gestel het na te volg. Hy wil hê ons moet in 'n heilige verhouding met Hom staan as uitdrukking van die huwelik wat Hy ingestel het (Gén. 2:18) en wat heilig moet wees tussen man en vrou. 1 Petrus 1:15-16 sê dat Christus die voorbeeld gestel het van heiligheid, daarom moet die gelowige dit nastreef in al die fasette van sy/haar lewe. Om dit in jou huwelik reg te kry, is slegs moontlik wanneer jy reeds bruid van Christus is en reeds iets van die hemelse huwelik gesmaak het.

## Slot

Die huwelik as instelling van God is baie belangrik vir man en vrou. Voorbereiding en toerusting vir jongmense se volwasse lewe, maar in besonder vir hulle huwelik is baie belangrik en kan van groot waarde wees om hulle te help om 'n sukses van hulle lewens te maak.

Al die mense wat oor hulle lewenspad kom, kan deur die Here gebruik word om hulle iets te leer van die lewe. Ouers, vriende, kerkgenote, en selfs vreemdelinge kan iets oor hulle lewenspad bring. Ten diepste word ons egter deur die Gees van Christus voorberei en gevorm vir 'n vervulde, volwasse lewe.



# Oor dogters en hul kêrels:
## Hoe om potensiële vlerkslepers te intimideer[1]

**Jen Wilkin[2]**

Ek het twee tienerdogters en daarom was ek nogal heel geïnteresseerd in ’n onlangse artikel getiteld “Aansoek om met my dogter te mag uitgaan”. Op humoristiese wyse gaan die artikel om met die stereotipiese haelgeweer-in-die-hand-pa en sy vreesbevange dogter terwyl hulle besig is om te onderhandel oor die netelige kwessie van haar eerste afspraak. Hierdie konsep is ook deur Christen-rubriekskrywers aangegryp en in verskillende ander vorms, wat net so humoristies was, gegiet. Ek het probeer om nie my goed-ontwikkelde humorsin te verloor nie, totdat ek die taktiese fout begaan het om van die kommentaar onderaan die bydraes te lees! Ek was sommer hartseer. Die opmerking wat my die hartseerste gemaak het, lui: “Ou maat, hierdie is fantasties! My dogtertjie is nou eers twee, maar ek gaan hierdie uitdruk en op ons yskas sit. Dankie vir jou godvresende voorbeeld.” O aarde!

Goed, alle grappies op ’n stokkie, “ou maat”. Kom ons bespreek vir ’n oomblik bietjie strategie. Is dit die beste waarmee jy vorendag kan kom? Glo my, jy het baie meer as hierdie lae-vlak intimidasietegnieke nodig! Ek meen, sy is immers jou dogter. Kom ons wees dus eerlik oor wat jy behoort te doen om haar belange te beskerm wanneer dit by dinge soos kêrels en verhoudings kom. In stede daarvan om jou haelgeweer rond te swaai of ’n aansoekvorm uit jou gatsak te pluk, bou eerder ’n muur. Jy het reg gehoor – bou ’n muur! Verbeel jou sy is Raponsie en bou ’n muur so hoog dat net die heel sterkste minnaars dit tot bo maak. Moet egter nie wag totdat jou babadogtertjie eendag ’n tiener is voordat jy begin nie, “ou maat”, begin nou. Eintlik moes jy al begin het.

### Bou ’n muur

In Hooglied 8:8-9 lees ons van ’n familie se hoop dat hulle jong suster sal opgroei tot ’n vrou met innerlike krag en waardigheid. Kan jy dalk raai watter metafoor gebruik word om só ’n vrou te beskryf? ’n Muur. Die suster verseker hulle dat sy inderdaad ’n muur is, kompleet met torings en al. Haar uitspraak spreek van selfvertroue in die feit dat sy nie net sterk is nie, maar in staat is om haarself teen enige onwaardige minnaar te verdedig. Dit is wat jy soek, “ou maat” – jy soek ’n muur.

Die probleem met haelgeweer-grappies en aansoekvorms op yskaste is dat dit vir enige oplettende persoon duidelik is dat jy verwag dat jou dogter eendag swak oordeel aan die dag gaan lê. Weet egter dat jou dogter nie hierdie dingetjies miskyk nie en moenie geskok wees as sy eendag wel aan jou verwagtinge voldoen nie. Dalk moet jy minder moeite doen om jou dogter se voornemende minnaars te terroriseer of te verteken en eerder daarop konsentreer om jou dogter voor te berei om goeie oordeel aan die dag te lê. Dit impliseer dat jy ’n muur moet bou.

In plaas daarvan om al jou dogter se potensiële minnaars af te skrik, maak eerder ’n dogter groot wat hulle net so goed op haar eie kan intimideer.

> **Watter dinge is die intimiderendste? Innerlike krag en waardigheid. ’n Diepgewortelde geloof. Selfversekerdheid. Wysheid. Goedheid. Nederigheid. Ywer.**

Dit is die bakstene waarmee jy ’n muur bou wat in staat is om papbroeke se pogings te fnuik of jy nou met jou gelaaide Winchester daar opdaag of nie. Daar is niks vreesaanjaender vir ’n onvanpaste minnaar as ’n vrou wat weet hoe waardevol sy vir God en haar familie is nie.

### Te erg?

Die realiteit is egter dat wanneer ’n mens jou dogter op hierdie manier grootmaak, sy waarskynlik ook heelwat “goeie Christen jongmanne” gaan afskrik. ’n Hele klomp van daardie outjies het in elk geval ’n skeefgetrekte idee van wat dit beteken om in beheer te wees. Ek is soms

verstom en selfs hartseer as ek hoor hoe gereeld jong enkellopende mans oor intelligente, begaafde enkellopende vroue sê: "Sjoe, sy is so sterk dat ek nie weet of ek haar sal kan lei nie." Dit is dan gewoonlik hier dat sulke vrouens dit begin oorweeg om 'n bietjie "af te skaal" of minder "sterk" oor te kom.

Voed egter jou dogter só op selfs al beteken dit, of liewer, veral as dit beteken dat potensiële vlerkslepers hulle eie vermoë om haar te lei, gaan bevraagteken. Wat jy dan doen, is om die koring van die kaf te skei sonder 'n "aansoekvorm". Ware leierskap gaan nie oor sterkeres wat op soek is na swakkeres om hulle te lei nie. Dit gaan oor die nederige soeke na hulle wie se sterkpunte hul swakhede uitbalanseer en hul sterkpunte komplementeer. Hierdie is basiese beginsels, maar ek is bevrees Christenjongmans en Christenouers met die beste bedoelings het dit al 'n bietjie vergeet.

### Sit neer jou haelgeweer

Ek is seker daarvan dat as ons die manier waarop ons ons kinders opvoed met dieselfde intensiteit onder die loep neem as waarmee ons van voorneme is om op ons dogters se voornemende minnaars los te brand. Dan sal ons ophou spekuleer oor haelgewere en aansoekvorms en eerder begin om daardie muur te bou. Dus, vir daardie goed-bedoelde pa van die tweejarige dogtertjie wil ek graag sê: Moenie daardie aansoekvorm vir die yskas uitdruk nie. In plaas daarvan om die man wat jou dogter eendag huis toe bring te kruis-ondervra, kruis-ondervra eerder die man wat jou dogter van die hospitaal af huis toe gebring het. Wanneer sy 'n tiener is, wil sy nie hoor hoe jy grootmond spog oor jou planne om haar teen al wat 'n papbroek-vryer is te beskerm nie. Wat sy nodig het, is dat jy voor jou eie deur sal vee en begin om nou reeds in haar karakter te belê.

Bêre dus maar daardie haelgeweer. Haal maar eerder jou sprokiesprinseshandboek uit. Hou saam met haar teepartytjies. Leer haar hoe om 'n pap band om te ruil en die gras te sny. Praat met haar oor die politiek en die ekonomie en natuurlik oor teologie. Komplimenteer haar as sy mooi lyk of goeie punte behaal. Sê gereeld vir haar hoe mooi sy vir jou is. Kniel langs 'n pienk dogtertjiebed en bid vir al wat jy werd is. Maak 'n dogter groot met 'n arsenaal van haar eie sodat 'n haelgeweer-arsenaal nie nodig is nie. Sy behoort jóú nie nodig te hê om papbroeke af te skrik nie. Laat dit aan haar innerlike krag en waardigheid oor! Neem jouself voor om met niks minder as die beste beskerming vir jou dogter tevrede te wees nie. Wees die soort man wat jy graag wil hê sy eendag huis toe moet bring. Neem jouself voor om 'n muur te bou!

---

1 Hierdie artikel is vertaal. Die oorspronklike kan hier besigtig word: https://www.thegospelcoalition.org/article/on-daughters-and-dating-how-to-intimidate-suitors/

2 Jen Wilkin is 'n Texas-ma van 4. Sy is die skrywer van verskeie publikasies onder meer *None Like Him: 10 Ways God Is Different from Us (and Why That's a Good Thing)* en *Women of the Word: How to Study the Bible with Both Our Hearts and Our Minds.*

BRIEWE

# Oor die aard van God en die bestaan van boosheid

**Geagte APK-lidmate,**

Hiermee deel ek graag my standpunte oor die aard van die Bybelse God en die werklikheid van boosheid met julle. As deel van ons pogings om hierdie dinge beter te verstaan, behoort ons deeglik na te dink oor hierdie drie onderwerpe en behoort ons die gevolgtrekkings wat ons maak, op nugtere wyse met mekaar te vergelyk:

- Die gedurige debatte oor die beweerde vrye wil van mense versus (wetenskaplike of teologiese) determinisme. Indien ons determinisme sou aanvaar, moet ons noodwendig die werklikheid van die vrye wil van mense verwerp.
- Dit is duidelik in sekere Bybelgedeeltes dat die Bybelse God (ten minste) sommige van sy skepsels haat. Hoe kan dit versoen word met die bewering dat die Bybelse God liefdevol is of dat Hy doelbewus boosheid gebruik as deel van sy plan om alles uiteindelik ten goede te laat verloop?
- Nadat ek van die artikels in die nuutste uitgawe van *Die Boodskapper* gelees het, het ek weereens besef dat daar geen behoorlike teenargumente is vir die bewering dat 'n almagtige, alwyse, liefdevolle God self boos is indien Hy doelbewus boosheid toelaat.

Vervolg op p. 16



# Soek ’n pasmaat in plaas van ’n bedmaat[1]

**Marshall Segal[2]**

**As dit by verhoudings kom, het ek baie dinge verkeerd gedoen: te vroeg begin uitgaan, rondgespring van een verhouding na die volgende, nie eerlik gewees met myself en met ander nie, my onvermoë om grense te stel of dit te respekteer, vriende en familie se advies in die wind geslaan, nie waarde geheg aan en gestreef na reinheid nie.**

Daar is egter een fout wat kop-en-skouers bo al hierdie foute uitstaan en wat in baie opsigte aanleiding tot al die ander foute gegee het: My verhoudings was hoofsaaklik gemik op en gemotiveer deur my begeerte na intimiteit met ’n meisie in plaas daarvan om duidelikheid te kry of ek met haar wil trou of nie.

Ten beste het ek gestreef na duidelikheid *deur middel van* intimiteit, maar as ek eerlik moet wees, wou ek maar net die meeste van die tyd intimiteit hê, ongeag die koste. “Ons gaan mos trou” was maar net die truitjie wat ek oor my gewete aangetrek het wanneer dinge op die fisiese of emosionele vlak ’n bietjie te ver begin gaan het. Selfs wanneer jy duidelikheid *deur middel van* intimiteit soek, kan jy steeds die punt mis en dinge heeltemal verkeerdom doen. As ek mooi daaroor dink, moes ek eerder uitgegaan het met die doel om duidelikheid te kry *en dan* sou intimiteit in my huwelik gevolg het. As ek maar net vroeër tot hierdie gevolgtrekking kon kom, sou dit my en die meisies met wie ek uitgegaan het, baie hartseer en verwyte gespaar het.

## Jou laaste “eerste soen”

Die meeste mense gaan in verhoudings in omdat hulle ’n begeerte na intimiteit het. Ons wil graag naby aan iemand anders voel. Ons soek iemand wat ons binnewerke verstaan en ons met oorgawe kan liefhê. Ons wil graag seksueel verkeer. Ons wil graag ons lewens met iemand van die teenoorgestelde geslag deel wat betrokke sal wees in ons lewens en bereid is om te belê in wat vir ons albei belangrik is. Met die regte gesindheid en in die regte hoeveelhede en op die regte tyd, is al hierdie dinge goeie begeertes om te hê. God het baie van ons immers met hierdie begeertes geskape en wil daarom hê dat ons na hierdie dinge sal streef – met die regte gesindheid, in die regte hoeveelhede en op die regte tyd.

Dink ’n bietjie terug aan die laaste keer toe jy vir die eerste keer ’n meisie met wie jy uitgegaan het, gesoen het (as jy al iemand gesoen het). Waarom het jy dit gedoen? Jy het tog geweet dat jy op ’n sekere vlak besig was om gewaagd op te tree en dat dit dalk nie die beste manier was om jouself aan iemand te gee nie. Deur watter begeerte is jy aangevuur in daardie oomblikke voordat julle lippe aan mekaar geraak het?

As ek eerlik moet wees was elke eerste soen van my meer aangevuur deur my eie begeertes as deur God se begeertes vir my. Só was dit met elke eerste soen totdat ek my vrou vir die eerste keer gesoen het, oomblikke nadat ek haar gevra het om met my te trou. Voordat ek met Faye uitgegaan het, was my eie begeertes altyd belangriker as God se wil en wat ek geweet het die beste vir die meisie met wie ek uitgegaan het, was.

> **Ek het gesmag na intimiteit en het geweet dat ek dit in die huwelik sou vind. Met dít in gedagte, het ek “trou” in die GPS ingetik en in die pad geval, terwyl ek al die spoedgrense geïgnoreer het. In plaas daarvan om te wag totdat ek my bestemming bereik het om emosionele en fisiese intimiteit te geniet, het ek kort-kort langs die pad stilgehou en iets vinniger en goedkoper gekoop.**

Intimiteit, romantiese of ander vorme daarvan, is pragtige en kosbare gawes van God aan sy kinders. Soos met so baie ander dinge wat God met ’n goeie doel geskep het,

het ons sondige geneigdheid die vermoë om iets mooi en goed soos intimiteit in iets baie gevaarlik te verander. Ons harte is geprogrammeer met 'n behoefte na intimiteit, maar dit is ook geprogrammeer om intimiteit te verwring deur intimiteit op die verkeerde maniere of op die verkeerde tyd op te eis en om valse verwagtings oor intimiteit te koester. Die gevolg is dat intimiteit tussen sondaars gevaarlik is, aangesien ons van nature geneig is om mekaar seer te maak – om eerder daardie dinge te doen wat "goed/reg voel", in plaas daarvan om om te gee vir die ander persoon; om te vinnig te veel te beloof, in plaas daarvan om geduldig en stadig te wees om te praat (Jak. 1:19); om ons drome, identiteit en waarde op ander te bou, in plaas van op God.

**Intimiteit maak ons kwesbaar en sonde maak ons gevaarlik. As jy hierdie twee dinge saamgooi sonder om trou aan mekaar te sweer, is die kans groot dat jou verhouding rampspoedig kan eindig.**

## Die huweliksbeloning

God self is natuurlik altyd die grootste beloning vir enige gelowige – ongeag hoe oud jy is, waar in jou lewe jy jouself bevind en of jy in 'n verhouding is of nie. Die vraag is egter of daar 'n unieke beloning binne die huwelik vir die gelowige is. Beslis! Dit is om Christus-gesentreerde emosionele en seksuele intimiteit met 'n ander gelowige te beleef.

Binne 'n huweliksverbintenis word twee lewens, twee harte en twee liggame *een* in die oë van God. As man en vrou beleef huweliksmaats alles in die lewe as een nuwe mens. "Paartjie" beskryf hulle nie meer goed genoeg nie. Ja, hulle is steeds hulself, maar hulle is so nou aan mekaar verbind dat hulle nie van mekaar geskei kan word nie (Mk. 10:9). God het hulle een gemaak. Hulle besittings is nie meer hul eie nie. Hul tyd is nie meer hul eie nie. Selfs hul liggame is nie meer hul eie nie (1 Kor. 7:4). Hulle deel en geniet alle dinge nou *saam*.

Deur seksuele omgang met mekaar beleef 'n paartjie iets tasbaar van hierdie eenheid, maar dit is slegs 'n klein deeltjie van die intimiteit wat hulle nou met mekaar deel.

## Veiligheidsnet vir intimiteit

Die rede waarom hierdie soort intimiteit binne die huwelik tuishoort en nie waar ons as ongetroudes in verhoudings staan nie, is omdat daardie soort intimiteit nooit veilig buite die lewenslange verbintenis, genaamd die huwelik, is nie. Nooit nie! Daar is heelwat omstandighede waarin romantiese intimiteit buite die huwelik veilig mag *voel,* maar dit is nie. Sonder 'n ring aan die vinger en 'n belofte aan mekaar, is daar net te veel op die spel wat ons harte betref en net te veel risiko's. Wie nie voor God trou gesweer het nie, loop gevaar om, hoe intiemer hy/sy met 'n ander person verkeer, hom-/haarself al meer bloot te stel aan die moontlikheid om verwerp, in die steek gelaat en vernietig te word.

Hierdie risiko's bestaan nie in 'n Christus-gesentreerde *huwelik* nie. Ons is aan mekaar verbind – deur dik en dun, in goeie en slegte tye, in tye van teleurstelling, tragedie of selfs mislukking – totdat die dood ons skei. Wanneer God ons saamvoeg, is slegs die dood sterk genoeg om ons van mekaar te skei. Dit beteken dat intimiteit veilig is en tuishoort binne *die huwelik*.

Natuurlik is die huwelik nie 'n ondeurdringbare veiligheidsnet nie. Getroude mense bly sondaars wat in staat is om mekaar seer te maak, selfs tot die punt van aanranding en egskeiding. Gelowige en getroue huweliksmaats is egter nie mense wat mekaar sommer net los nie. Net soos wat God ons ook nie sommer net na willekeur los nie.

## Die beloning vir "uitgaan"

Waar Christus-gesentreerde intimiteit die beloning in die huwelik is, is Christus-gesentreerde duidelikheid die beloning wanneer ons mekaar die hof maak. Intimiteit is die veiligste binne die raamwerk van die huwelik en die huwelik is die veiligste binne 'n raamwerk van sekerheid oor 'n lewensmaat. As ons op soek is na Christus-gesentreerde intimiteit, moet ons trou en as ons wil trou, moet ons soek na duidelikheid en sekerheid oor wie om mee te trou.

Ons probeer nie duidelikheid kry deur kop-eerste in intimiteit in te plons nie. Deur op die regte manier na duidelikheid te soek, word 'n middel tot die regte soort intimiteit en nie andersom nie. Weldeurdagte duidelikheid wat van God gebid word sal gesonde, langdurige en passievolle intimiteit tot gevolg hê. Enige ander weg tot intimiteit sal dit saboteur, dit vervlak, dit broos laat en onbetroubaar maak.

Baie van die hartseer en verwarring wat ons in verhoudings beleef, spruit voort uit die feit dat ons verhoudings beskou as 'n oefenlopie vir die huwelik (die soeke na duidelikheid *deur middel van* intimiteit), in plaas

daarvan om dit te sien as 'n proses om sekerheid oor 'n huweliksmaat te kry (sekerheid nou, intimiteit later).

Ons is geneig om só met intimiteit te eksperimenteer wanneer ons uitgaan dat dit later soos 'n huwelik voel en dan trou ons. Ons reken dit is die risiko werd (noodsaak dit selfs) omdat ons so graag wil trou (of ten minste die voorregte van die huwelik wil geniet). Die realiteit is egter dat dit nie die moeite werd is nie en sekerlik nie noodsaaklik is nie. Dit is nie God se bedoeling dat ons soveel op die spel moet plaas in ons begeerte om te trou nie.

Natuurlik is dit so dat ons onsself in 'n mate blootstel wanneer ons iemand leer ken en daar 'n verhouding ontwikkel, maar God wil hê dat ons intimiteit in al sy volheid binne die eg moet geniet en nie in een of ander vorm van gefabriseerde liefde nie. Wanneer gelowiges met mekaar uitgaan, soek hulle nie bedmaats nie, maar pasmaats.

## Vra die regte vrae

Hoe lyk dit in die praktyk wanneer ons sekerheid soek terwyl ons wag met intimiteit? Iemand wat eerder op soek is na intimiteit in plaas van duidelikheid, vra ander vrae as iemand by wie die volgorde omgekeer is.

- *Hoe ver is te ver?*
- *Tot hoe laat kan ons kuier?*
- *Watter soort aanraking is toelaatbaar?*
- *Is hy/sy Christelik genoeg dat ek met hom/haar kan uitgaan?*

Teenoor:

- *Het hy/sy die Here Jesus meer lief as vir my?*
- *Hou hy/sy by sy/haar beloftes?*
- *Kan hy/sy selfbeheersing toepas of is hy/sy bereid om kompromieë aan te gaan ten einde te kry wat hy/sy wil hê?*
- *Is hy/sy bereid om my in liefde tereg te wys wanneer ek verkeerd is?*

Natuurlik hoort die eerste stel vrae ook tuis binne 'n gesonde verhouding, maar hulle sal baie verder ondertoe op die lys wees. Die volgende vrae is belangrik wanneer jou doel met 'n verhouding is om sekerheid oor 'n lewensmaat te kry:

- Wat het ons onlangs van mekaar geleer – stories, gewoontes, karaktereienskappe?
- Hoe het elkeen van julle in jul verhouding met Christus gegroei sedert julle begin uitgaan het?
- Is julle albei ernstig daaroor om julself van enige seksuele immoraliteit te weerhou?
- Watter bekommernisse, indien enige, het ander al oor jul verhouding uitgespreek?
- Watter struikelblokke verhoed julle om te trou?
- Word julle aangedryf deur jul eie begeertes of deur 'n begeerte na God se wil?
- Hoe verskil julle verhouding van ongelowiges se verhoudings?

Dit is vrae soos hierdie (en natuurlik heelwat meer), wat ons ware motiewe ontbloot. Dit help ons om uit die moeilikheid te bly en te waak teen ongeduld en onreinheid. Dit is egter ook vrae soos hierdie wat help om ons liefdeskarretjie op die pad na die huwelik te hou.

---

1 Hierdie artikel is vertaal vanaf die webblad *Desiring God* en kan hier in sy oorspronklike vorm besigtig word: https://goo.gl/cTASWc

2 Marshall Segal is skrywer en besturende redakteur by *Desiring God*, asook die skrywer van *Not Yet Married: Pursuit of Joy in Singleness and Dating* (2017)

**Tender gesoek vir APA**

Die Afrikaanse Protestantse Akademie wag tenders in op die maak van 'n 20 sitplek konferensietafel. Afmetings: 520 cm (lengte) x 130 cm (breedte). Tafel moet van so aard wees dat dit met minimale moeite by 'n gewone deur kan in en uit (kan dus uit dele bestaan wat aanmekaargesit kan word).

**Stuur tenders na: info@apa.ac.za. Sluitingsdatum: 28 Februarie 2018.**

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie – Studenteverblyf**

Verblyf beskikbaar vir APA studente, APK studente en werkende jongmense by ons kampus in Pretoria. Selfsorgeenhede en kamers.

**Kontak die APA vir meer inligting. E-pos: info@apa.ac.za • Tel: 012 344 3960**

AP AKADEMIE
"Ou Spore - Nuwe Weë"

# SMELTOOND

• *Februarie 2018* •



## ’n Christenvolk: Poland kies om Sondag weer as rusdag te huldig

Wat morele waardes betref is Poland vinnig besig om Wes-Europa verby te steek. Buiten dat hulle van die strengste aborsiewette op die vasteland het, het hierdie voorheen kommunisties-beheerde volk hulle belydenis verstewig deur ten gunste daarvan te stem dat Sondae weer as rusdag gehuldig behoort te word. Teen 2020 moet alle inkopies op ’n Sondag uitgefaseer wees, berig Paul Bois van *The Daily Wire.*

Volgens *LifeSiteNews* is hierdie wetsontwerp deur vakbonde voorgestel terwyl dit ook die ondersteuning van die regerende “Wet en Orde Party” (PiS) geniet het. Hoewel die wetsontwerp deur meer liberale partye teengestaan is, is dit tog met 254 teen 156 stemme goedgekeur. Daar word verwag dat die Poolse senaat ook die wetsontwerp sal goedkeur waarna die wet deur president Duda bekragtig sal word.

Gedurende die laaste paar jare handhaaf Poland steeds ’n sterk verbintenis met hulle Rooms-Katolieke herkoms. Hulle teenstand teen progressiewe pleidooie vir aborsie op aanvraag asook hul beskerming van die tradisionele huwelik, is sprekende voorbeelde hiervan.

Die afskaffing van Sondaghandel gaan nie alle besighede beïnvloed nie en sal geleidelik uitgevoer word, aldus *LifeSite*. Vanaf 1 Maart tot 31 Desember 2018 sal winkels slegs op die eerste en laaste Sondag van elke maand oop wees. In 2019 sal winkels slegs toegelaat word om op die laaste Sondag van elke maand sake te doen. Buiten vir agt Sondae per jaar, is die beplanning dat die meeste winkels vanaf 2020 op Sondae gesluit sal wees.

Rooms-Katolieke kerkleiers het die stap geprys. Hulle benadruk die noodsaak dat Sondae weer as rusdag vir die gemeenskap moet dien terwyl familiebande versterk word. Hulle wys daarop dat Sondagrus nie ’n voorreg vir slegs ’n uitgelese groep mense behoort te wees nie. Dit is ’n integrale deel van die gelyke behandeling van alle werknemers.

## Swede kies vir “onslagtige” Godsbenamings; Nederlanders bring hoofletters terug

Volgens *The Independent* moedig die Evangelies-Lutherse kerk in Swede sy predikante deesdae aan om meer geslagsneutrale uitdrukkings te gebruik wanneer daar na God verwys word in ’n poging om manlike uitdrukkings soos die gebruik van “Here/Heer” en “Hy” te vermy. Die hoof van die kerk, dr. Antje Jackelen, sê dat die gesprek rondom die gebruik van meer geslagsneutrale uitdrukkings niks nuuts is nie en reeds sedert 1986 duur. Volgens haar kan God nie met ’n mens vergelyk word nie en is Hy baie groter as om deur ons geslagtelike bepalings begrens te word.

Daar is egter ook teenstand teen hierdie neiging. Volgens Christer Pahlmblad, professor aan die Lund Universiteit, is dit nie wys van die kerk in Swede om bekend te staan as ’n kerk wat wegbeweeg en nie meer respek het vir ’n teologiese tradisie wat so algemeen deur Christelike kerke gedeel word nie.

Hierteenoor het die *Nederlandse Bijbelgenootschap* (NBG) onlangs bekendgemaak dat hulle in die hersiening van die Nederlandse Bybelvertaling wat DV in 2020 beskikbaar sal wees, weer teruggaan na die gebruik om persoonlike voornaamwoorde wat na God verwys, met hoofletters te skryf. Volgens die NBG het die feit dat God se naam in die 2004-uitgawe vir die eerste keer met ’n kleinletter “g” geskryf is, asook die gebruik van kleinletters in alle verwysings na Hom, soveel kritiek ontlok, dat hulle besluit het om terug te keer na die gebruik van hoofletters.

Hierdie hoofletters word “eerbiedskapitale” genoem. Lesers sien dit as ’n blyk van eerbied. Vanuit die duisende reaksies wat ingestroom het, het die NBG besef lesers van die Bybel verkies steeds, selfs in die moderne tyd waarin ons leef, dat daar met eerbied en ontsag omgegaan word met die Naam van die lewende God van die Bybel.

# Keagan Rossouw

## Vertel ons meer oor die pad wat God met jou geloop het?[1]

Keagan is gebore met *Fanconi Anemia,* 'n beenmurg oorgeërfde siekte. Mense met hierdie toestand kan beenmurgversaking hê, fisiese afwykings, orgaandefekte en 'n verhoogde risiko van sekere kankers.

Ongeveer 90% van mense met *Fanconi Anemia* het 'n benadeelde beenmurgfunksie wat tot 'n afname in die produksie van alle bloedselle lei. Geaffekteerde individue ervaar uiterste moegheid as gevolg van 'n lae rooibloedseltelling (bloedarmoede), gereelde infeksies as gevolg van 'n lae witbloedseltelling (neutropenie) en stollingsprobleme as gevolg van 'n lae bloedplaatjietelling.

Meer as die helfte van die mense met *Fanconi Anemia* het fisiese afwykings. Dit sluit in misvormde duime of onderarms (Keagan het glad nie duimpies nie en ook nie 'n radium in sy linkerarm nie), is kort van postuur; wangevormde of afwesige niere (Keagan het slegs een nier); gastro-intestinale abnormaliteite (met geboorte was Keagan se slukderm aan sy long vas. Toe hy drie dae oud was het hy 'n agt-uurlange operasie ondergaan om dit te herstel. Hy was vir drie maande in die intensiewe sorgeenheid); hartafwykings; oogafwykings soos klein of abnormaal gevormde oë; en misvormde ore en gehoorverlies (Keagan se gehoorkanale is toe. Hy hoor met behulp van 'n BAHA [Bone-anchored Hearing Aid] wat klank deur sy skedel na sy koglea gelei).

Individue met *Fanconi Anemia* het 'n verhoogde risiko om 'n kanker van die bloedvormende selle in die beenmurg te ontwikkel, genaamd akute miëloïede leukemie (AML) of tumore van die kop, nek, vel, spysverteringstelsel of genitale kanaal.

Wanneer mense sê hulle glo nie in wonderwerke nie, dan wys ons altyd na Keagan. Hy is die bewys dat wanneer 'n mens hard en aanhoudend bid, God 'n uitweg sal gee.



*Keagan tydens 'n optrede.*



*Keagan saam met Manie Jackson.*



*Keagan saam met Manie Jackson.*

## 1. Is kinders partykeer met jou lelik oor jou gestremdheid? Hoe hanteer jy dit?

My ouers het my geleer dat ek spesiaal is vir God en dat Hy my so gemaak het en baie lief vir my is soos wat ek is. Dit maak my hart baie seer as hulle my spot en baie keer sal ek vir my pa en ma sê dat ek nie meer wil skool toe gaan nie.

## 2. Is jy in 'n gewone skool?

Ja, ek en my sussie, Kiara, is in 'n gewone skool. Ons is in Rustenburg Christelike Akademie. Ongelukkig gaan sy volgende jaar hoërskool toe, dan is ek alleen. Ek is nou in graad 3 en 9 jaar oud.

## 3. Waarom het jy besluit om te begin sing?

Toe ek klein was, het ek altyd in die huis geloop en sing. Dit was vir my so lekker. Ek het altyd Lollos en Oom Karolus en Lente gekyk en saam met hulle gesing. Ek het altyd vir my familie vertonings gehou. Met ons kerkbasaar, toe ek vyf jaar oud was, het hulle my gevra om daar te sing en ek het vir Joe Niemand en Dewald Wasserfall ontmoet. Daar het ek besluit om ook eendag 'n regte sanger te wees.

## 4. Jy het ook al die voorreg gehad om saam met Manie Jackson te sing, vertel ons meer.

Ek het baie van sy musiek gehou. Ek het 'n vertoning by Sharky Town gehad en my pa en oom Ben (Manie se klankman) het gereël dat hy my kom verras (ek het van niks geweet nie).[2] So 11 uur die aand het hulle gesê die mense vra ek moet weer *Die Hemel Weet* sing. Ek wou nie, want ek was baie moeg, maar ek het toe maar gaan sing. Ewe skielik, met die koorgedeelte, kom Manie ingestap en begin saam met my sing. Ek was so opgewonde dat ek my woorde vergeet het! Van daar af het ek al 'n paar keer saam met hom gesing. Ons het *Die Hemel Weet* saam opgeneem vir sy nuutste DVD, en ek het saam met hom 'n onderhoud vir Pasella gedoen wat in Februarie uitgesaai gaan word.

## 5. Hoe gereeld tree jy op en wat was tot dusver jou lekkerste vertoning?

Ek tree amper elke naweek op, maar my ouers sê ons moet dit minder maak, want dit is nie goed vir my gesondheid nie. Die lekkerste vertoning waar ek was, was by Upington. Ek het so lekker gesing en die oulikste mense ontmoet. Hulle het dit vir ons baie lekker gemaak.

## 6. Behalwe sing, watter ander stokperdjies het jy?

Ek hou daarvan om op my pa se "laptop" speletjies te speel en musiek te luister. Ek kyk na stories soos *Vetkoek Paleis* en *Oom Karolus* en *Lente*. Ek is baie lief vir my diere en speel graag met hulle, veral met Tienkie, my Yorkie. My gunsteling is om te swaai – ouma swaai my elke dag as ek van die skool af kom.

## 7. Jy doen gereeld optredes, hoe kan mense maak as hulle jou wil uitnooi vir 'n optrede?

Mense kan vir juffrou Elzabi Buek bel, sy reël al ons optredes, want sy moet my help as ek sing omdat ek nie altyd die musiek kan hoor met die gehoorapparaat nie. Sy het my gehelp om reg te sing en help my altyd by optredes en sy help my ook om my "cd" te maak. Ek is baie lief vir haar. Haar nommer is 083 498 6768.

1 Hierdie vraag is deur Keagan se ouers beantwoord.

2 Kyk gerus hier hoe Manie Jackson vir Keagan verras het: https://www.youtube.com/watch?v=4LqsxJUJuhE



*Keagan saam met Elzabi Buek.*



# Hoe ek my seuns gehelp het om Christenmanne te word[1]

**Prof. Vern Poythress[2] (1999)**

**God het my twee seuns gegee om groot te maak, Ransom en Justin. Ransom is nou 14 jaar oud en alreeds 'n Christenman. Justin is 'n Christenseun, 12 jaar oud en besig om voor te berei om 'n Christenman te wees voor sy 13de verjaarsdag. Wat gaan hier aan?**

Iets spesiaal. Ek glo dat God vir my en my vrou, Diane, 'n unieke idee aangaande die opvoeding van ons kinders gegee het. Dalk kan jy dit ook in die opvoeding van jou eie seuns toepas. Ons het 'n spesiale feesviering en seremonie ontwikkel om ons seuns in Christelike manlikheid in te lei. Ons noem dit "Bar Jeshua" (seun van Jesus). Hierdie geleentheid dui die tydstip aan waarop 'n seun 'n man word, 'n volwasse dissipel van Christus.

## Die idee en die uitdaging

Byna elke kultuur in die wêreld het iets waaraan manne van seuns onderskei word. 'n Seun moet eers deur sekere rites gaan voordat hy amptelik as man beskou word. Die vraag is egter wanneer word 'n seun volgens die wit, Amerikaanse kultuur 'n man? Wanneer hy sy bestuurderslisensie kry? As hy klaarmaak met skool? Wanneer hy stemreg kry of sy eerste voltydse betrekking beklee? As hy mondig word of eers as hy trou en sy eie huis besit? Niemand kan sê nie. Nêrens is daar 'n duidelike punt wat as oorgang aangedui kan word nie. Daar is nie eens een spesifieke rite wat as waterskeiding beskou kan word nie. Een gevolg hiervan is dat seuns dikwels onseker voel. Hulle weet nie wanneer hulle mans is nie en probeer keer-op-keer bewys dat hulle "groot" is. Die gevolg is dat hulle dikwels hulle manlikheid op negatiewe en destruktiewe maniere probeer bewys soos om te rook, te drink of 'n meisie bed toe te sleep.

Wat doen ons om vir hulle behoorlike leiding te gee? Ons almal weet dat daar nie 'n towerformule is nie. Uiteindelik is dit God wat ons en ons seuns leer en Hy is die Een wat die groei bewerk (1 Kor. 3:7). Ons kan egter plant en natmaak.

Ek het besluit dat een manier waarop ek my seuns kon help, was om vir hulle te wys wat dit beteken om 'n man te wees. Wat behels dit? In die Bybel word manlikheid nie gemeet aan jou vermoë om 'n krokodil dood te maak nie. Bybelse manlikheid is geestelik van aard. Dit behels die wysheid om God en sy wil te ken en uit te leef (Spr. 1:1-7). As pa behoort ek vir hulle 'n navolgenswaardige voorbeeld van manlikheid te stel sodat hulle my kan navolg soos ek Christus navolg (vgl. 1 Kor. 11:1). Wat 'n uitdaging! Ek slaag nie eintlik daarin om aan die Bybelse voorskrifte te voldoen nie, maar deel van manwees, is om jou mislukkings te erken en om vergifnis te vra.

## Oorgang na manlikheid

Behalwe al die normale dinge wat deel van 'n Christelike leefwyse behoort te wees, het ek besluit dat my seuns 'n "oorgang-rite" moet hê wat uit opleiding en keuring bestaan. Dit is nie maklik nie. Hulle moet hulle Christelike manlikheid kan bewys.

My seun Ransom het dit reeds voltooi. Hy weet dat hy nou 'n man is, nie net omdat hy hard daarvoor gewerk het nie, maar omdat ons ook 'n seremonie gehad het waartydens ons dit amptelik gevier het. Ons het mense uitgenooi en te midde van ongeveer 90 mense, sy vriende en van ons familievriende, moes hy sekere van die vrae weer beantwoord waarna ek voor almal verklaar het dat hy nou 'n man is. Die seremonie toon baie ooreenkomste met die Joodse "Bar Mitzvah".

Ons het baie uit die Joodse model geleer. Hoewel nie ek of my vrou van Joodse herkoms is nie, was die Here Jesus tog 'n Jood en daarom is die Jode van die Ou Testament ons geestelike voorvaders. Daarmee saam woon ons ook

in 'n buurt met baie Joodse inwoners vir wie die idee van 'n seremonie ter viering van manlikheid nie vreemd is nie. Selfs die Here Jesus het 'n soortgelyke seremonie deurgegaan (vgl. Lk. 2:41-50) waar hy as twaalfjarige sy manlikheid deur sy kennis van die Bybel en 'n begrip van sy rol bewys het.

Buiten vir die normale Christelike opvoeding, het ons ons seuns van kleins af vertel van die Bar Jeshua wat ons vir hulle beplan. Ons het vir hulle vertel dat hulle op 12-jarige ouderdom manne gaan word, maar dat hulle daarvoor sal moet werk.

## Die opleiding

Die doel van die opleiding is Christelike manwees. Die opleiding moet dus ooreenstem met hierdie doelwit. Ons het vir hulle sekere projekte uitgewerk. Hulle is dan veronderstel om hul vaardighede in verskeie oorvleuelende areas te ontwikkel en ten toon te stel:

1. *Kennis van die inhoud van die Bybel.*

- Ken die Bybelboeke in volgorde.
- Ken die Bybelse geskiedenis.
- Lees die Bybel heeltemal deur.
- Ken die hooftemas van Bybelboeke.
- Verstaan hoe Bybelse lering in Christus sentreer.
- Ken Bybelse Grieks en Hebreeus (op 'n toepaslike vlak vir die kind se vermoë).

2. *Memorisering van bepaalde tekste en gedeeltes in die Bybel.*

3. *Kennis van die belangrikste leerstellings van die Bybel (geloofsleer).*

- Memorisering van 'n kategismus vir kinders as 'n opsomming van die geloofsleer.
- Moet in staat wees om leerstellings in sy eie woorde te verduidelik en vrae daaroor te beantwoord.

4. *Persoonlike toewyding.*

- Gebruik van materiaal gemik op persoonlike stiltetyd.
- Gebedsdagboek.
- 'n Daglange gebedswegbreek saam met Pa.
- Groei in sy begrip van hoe om sonde te oorwin.

5. *Projekte van diensbaarheid en barmhartigheid.*

- Diensbaarheid in die gemeente en aan noodlydendes.

6. *Wysheid in die hantering van verskillende aspekte van die lewe.*

- *Finansies:* tiende; opstel van 'n jaar se begroting; basiese boekhouding; beleggings; ens.
- *Etiket:* tafelmaniere; hoe om iemand te groet; hoe om 'n behoorlike brief te skryf; gespreksetiket en seksuele etiket.
- *Apologetiek:* beantwoording van vrae en besware oor die Christelike geloof; verstaan van die Christelike wêreldbeskouing en van die belangrikste opponerende wêreldbeskouings in die VSA.
- *Seksualiteit:* kennis oor wat die Christelike leer en standaarde t.o.v. ons gedagtes en optrede is; begrip vir hoe God die manlike en vroulike liggame verskillend geskep het.

Oor 'n aantal jare word aan al hierdie areas aandag gegee. Dikwels integreer ons sommer van die werk met ons daaglikse huisgodsdiens. Ander kere word daar spesifiek tyd opsy gesit om op van hierdie areas te konsentreer. Op 11-jarige ouderdom sal ons sy vordering meet. Indien hy nog ver van reg is, is ons bereid om dinge vir 'n jaar of wat uit te stel. Indien hy egter groter volwassenheid toon, sal ons nog tyd aan meer gefokusde voorbereiding bestee.

**Gedurende die twee of drie maande voor die Bar Jeshua-viering sal ons die hulp inroep van ons leraars, jeugleiers en (in my geval) my teologiese skool professor-vriende om die seun privaat in elkeen van die onderskeie areas te toets.**

Ek is gewoonlik by tydens hierdie toetsing ter wille van morele ondersteuning, maar nie om hom enigsins met sy antwoorde te help nie. Ons bespreek ook die kerksaal, stuur uitnodigings uit en tref die nodige voorbereidings vir die komende seremonie.

## Die seremonie

Die Bar Jeshua-viering vind op 'n Saterdag plaas sodat meer mense dit kan bywoon. Ek verduidelik die seremonie eers aan almal en daarna lees ons seun 'n kort gedeelte uit die Hebreeuse Bybel en verduidelik dit. Daarna doen hy dieselfde vanuit die Griekse Bybel. Almal wat dan deelgeneem het aan sy ondervraging, sal dan 'n paar vrae aan hom rig as 'n soort mini-toets. Ons seun weet egter teen daardie tyd reeds dat hy geslaag het. Ons sing dan ons seun se gunsteling geestelike lied en bid vir hom. Daarna verklaar ek dat hy 'n man is waarna ons gesellig saam verkeer.

Vervolg op p. 22



# Die herkoms van die Majubafees

**Ds. Nico Coetzee**

## Inleidend

Elke jaar word die Majubafees tydens die laaste naweek in Februarie op die feesterrein aan die voet van Majubaberg ongeveer 10 kilometer suid van Volksrust gehou. In ’n pikdonker nag sien ’n mens die buitelyne van hierdie berg wat soos ’n duidelike baken 2 150 meter bo seespieël teen die helder sterrehemel staan. Die Zoeloe-naam is Amajuba (berg van duiwe), maar die Zoeloes noem hom Majuba, want hulle spreek nie die “A” voor “Majuba” uit nie.

## 1. Majuba – deel van ons volksgeskiedenis

Majuba is deel van die Afrikaner se volksgeskiedenis omdat ons voorsate gedwing was om met die wapen vir hul vryheid te veg. Op Sondag 27 Februarie 1881 vind die Slag van Majuba plaas. Generaal Piet Joubert se Boerekommando slaag daarin om die aanval van die Engelse onder leiding van generaal George Pomeroy Colley af te weer. Colley word noodlottig gewond en sterf bo-op Majuba. So word die Eerste Vryheidsoorlog beëindig en die opmars na Pretoria gestuit. In die geskiedenis staan dit opgeteken: In die hele 19de eeu tot vandag toe, is dit die enigste oorlog wat Groot Brittanje *verloor* het. Daar was 3 ander veldslae tydens dié oorlog wat ook deur die Engelse verloor is, nl. Bronkhorstspruit (20 Desember 1880), Laingsnek (28 Januarie 1881), Ingogo (8 Februarie 1881) en dan die vierde veldslag op Majuba (27 Februarie 1881).

## 2. Hoofoorsaak agter die Slag van Majuba

Dit is betekenisvol om te weet dat die Afrikaner nooit by offensiewe oorloë betrokke was nie. Telkens moes hy homself verdedig in ’n defensiewe verset (oorlog) soos teen die Zoeloes met die Slag van Bloedrivier. Op 12 April 1877 het die imperialistiese Groot Brittanje die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) geannekseer en so die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) afgedwing. Ook die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) was ’n defensiewe oorlog omdat Engeland geweier het om hul soldate wat oral op die grens van Transvaal gemonster was, te onttrek. Daarom is dit histories en eties foutief om te praat van die “Boere-oorlog/oë”. Hoogstens sou ’n mens dit die Anglo-Boere-oorloë kan noem. Dus was die hoofoorsaak agter die Slag van Majuba (en die Eerste Vryheidsoorlog) die doelbewuste anneksasie van die ZAR deur Engeland.

## 3. Die vyand maak oorlog op Sondag

Verder is dit ook opvallend dat met die Slag van Bloedrivier (1838) en die Slag van Majuba (1881) die vyand die Voortrekkers/Boere op ’n Sondag aangeval het. Dit bring ’n mens tot die slotsom dat die historiese vyande van die Afrikaner vir God en sy gebod geen respek gehad het nie. Professor VE d’ Assonville verwys in sy boek *Majuba* ook na die saak in verband met die Sondag en meld dat dit een van die vrae was wat die Boere aan die Engelse gevra het: *Waarom het julle juis die Sondag uitgekies vir hierdie geveg?* Later gee hy die antwoord en wys daarop:

> ***Die Boere het groot erns met hul godsdiens gemaak. Hulle leef nie slegs horisontaal elke dag op hierdie plat aarde nie, maar hulle is ook vertikaal na bo gebind ... aan die God van die hemel. En sulke dinge soos die Sondag as ’n rusdag is vir hulle uiters belangrik.***

Later sou ’n besluit in verband met die herdenking van die Majuba-oorwinning duidelik daarop dui dat die Boere dit as ’n genadige en Goddelike beskikking beskou het dat die vyand die onderspit gedelf het. Die vraag kom onwillekeurig na vore of die huidige vyand/e van die Afrikaner enige respek vir God Drie-enig het. Is jy as Christen-Afrikaner besorg oor hoeveel mede-Afrikaners nog erns met die God van die Bybel maak?

## 4. Die ontstaan van die Majubafees

Uit ’n militêre oogpunt gesien, was die Slag van Majuba vir die Boere ’n groot sukses en dit het “die Transvalers

met trots vervul", aldus 'n reeks artikels wat in 1940 in die dagblad *Die Transvaler* verskyn het. So is die onafhanklikheid wat op 12 April 1877 tydens die Engelse anneksasie verloor is, weer herstel.

Op 31 Mei 1882, 15 maande ná die Slag van Majuba, besluit die Transvaalse Volksraad dat 27 Februarie voortaan 'n openbare feesdag sou wees, naamlik *een verootmoediging voor den Heer zijn, voor die grote dingen op dien dag aan het volk gedaan*. In hierdie besluit hoor 'n mens geen toon van selfverheerliking en mensgerigte pronkery nie, maar erkenning dat die oorwinning 'n gawe uit die hand van die Here is.

Die eerste paar jaar ná die besluit van die Volksraad het Majubadagvierings slegs op enkele plekke by wyse van dankdienste en die Vierkleur wat by talle huise gehys is, geskied. Daar was geen amptelike volksviering op inisiatief van die owerheid nie en het kritiek vanuit die geledere van die *De Volkstem* ontlok: ... *onze geachte Staatspresident geeft er weinig om bij zulke groote gelegenhede eens door openbaar vertoon den luister van den Staat op te houden*. Klaarblyklik was president Kruger nie te vinde vir openbare mensverheerliking nie: *Maar, zoo als gezegd, wij zijn eenvoudig lui, en houden niet veel van vertooning en zwier.*

Eers in 1888 is die fees op groter skaal in Krugersdorp gevier. Die Vierkleur word op 27 Februarie voor die regeringsgebou gehys en die dorpsklok om 07:00 gelui om die mense op te roep tot 'n vergadering om 09:00. Vir 'n klein gemeenskap soos Krugersdorp destyds, was die opkoms goed. 'n Feeskomitee is verkies om nog dieselfde dag 'n fees te reël. Om 12:00 was alles gereed, die dorpsklok is weer gelui en die feesgangers het by die Paardekraal-kliphoop byeengekom. 'n Saluut is waargeneem deur 'n kanon af te vuur en waarskynlik is 'n kort godsdiensoefening gehou. Die res van die dag is ontspan.

Sedert 1893 is Majubadag in Pretoria feestelik herdenk waar 'n sang- en musiekaand as 'n *gelegenheidsuitvoering* aangebied is. By hierdie konserte is gewyde liedere gesing en ook spesiale liedere geskryf, nl. *Jubellied* van AT Clauset en ook die *Amajuba Danklied*. In die res van Transvaal was die algemene wyse van feesviering 'n kerkdiens in die oggend en ontspanning in die middag deur sport, skyfskiet en 'n wapenskou.

Die Jameson-inval van 1895 het tot buitengewone belangstelling in die Majubaviering gelei. Dit het tot gevolg gehad dat die fees in 1896 vir die eerste keer landswyd gevier is.

Ná 1902 is die Majubafees nie weer gevier nie, wat waarskynlik saamhang met die tragiese afloop van die Tweede Vryheidsoorlog.

### 5. Slot

Die herkoms van die Majubafees hang saam met die glorieryke oorwinning op Majubaberg tydens die finale fase van die Eerste Vryheidsoorlog(1880-1881) toe die Boere van Transvaal hul vryheid herwin het. Helaas kom die viering van die Majuba-slag tot 'n einde in die hartverskeurende ellende wat die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) veroorsaak het. Die Voortrekkereeufees van 1838 sou weer die volksentoesiame laat opvlam om die Majubafees daarna te laat herleef.

**BRIEWE**

## Oor die aard van God en die bestaan van boosheid (vervolg vanaf p. 6)

Een van die hoofredes waarom ek ontnugter geraak het met die georganiseerde Christendom in veral Suid-Afrika, is die feit dat nié die Bybel óf baie predikante se verwronge interpretasies daarvan, enige noemenswaardige bydrae gelewer het om rasseverhoudinge in hierdie land te verbeter nie.

Inteendeel – rassehaat is deesdae erger as ooit tevore en (veral blanke) Christene is meer as ooit tevore verward en oningelig oor die ware oorsake van hierdie land se probleme.

**Groete,**
**Jaco Steyn**



# 'n Vaste burg:
## Reformasietoerdagboek

**Theo du Plessis**

Om óns spore op die *SPORE* van 'n volkseie Bybel te lê, was ons gedagte en dit was uiteindelik die avontuur van 'n leeftyd. Soms het ek getwyfel of ons "die 200 km-draai" moes ry of stede in spitstyd moes betree, maar dit is gedoen en vandag is ons nie spyt nie. Op Saterdag 21 Oktober het ons vroeg vanuit Bloemfontein op ons droomreis vertrek.

Maandag in Londen was 'n dag vol avontuur en so tussen al die prag heen was my oogmerk om vir William Tyndale te ontmoet. Ons het gestap, nogmaals gestap en uiteindelik was ons by Whitehall Tuine en daar het Tyndale amper vergete, met die Teemsrivier as uitsig, in stilte gestaan. Sy laaste woorde was: "Here, open die koning van Engeland se oë." Hy is opgehang en verbrand, maar skaars 'n jaar later was daar 'n Engelse Bybel in elke kerk geplaas. Ons dag was volmaak, maar ons wou nog die *Tower of London* sien. Ek wou o.m. na die "Verraaiershek" gaan kyk waardeur gevangenes ingebring is. Een van die eerste vroue wat hier gemartel was, is Anne Askew. Wanneer ek 'n Bybeluitstalling hou, stal ek altyd 'n prent uit waar sy na 'n Bybelvoorlesing vanuit die "Groot Bybel" sit en luister.

Dinsdag het aangebreek. In die lugruim bokant Genève sien ons die berge spierwit onder ons geskilder. Toe die Europese sonstrale ons gesig vir die eerste keer tref, het dinge begin spoed optel. Ons kry 'n motor, dubbeld die grootte van dit wat bespreek is en daarmee moet ons 'n wêreldstad aan die verkeerde kant van die pad aandurf! Dit alles oor middagete terwyl ons nog by 'n klomp punte wil aandoen voordat ons vyftig kilometer suid na Frankryk sou ry. Die Reformasiemuur by die Universiteit van Genève was ons eerste stop. Ek het al soveel oor die muur gelees dat ek vir Esther (my vrou) gesê het dat dit ons beginpunt in Europa móét wees. Ons het daarheen gedrafstap, want ons parkeertyd was kort en ek kon net nie meer wag nie. Die muur, wat deel van die ou Geneefse stadsmuur is, is in 1909 tydens die 400-jarige herdenking van Calvyn se verjaarsdag ingewy. Van links na regs staan die vier Hervormers vyf meter hoog: Farel, Calvyn, Beza en Knox. Hier het ons vir 'n paar minute tussen ander studente stilgesit en die oomblik probeer vaslê en koester.

Ons het daarna in smal strate gestap op soek na die Internasionale Reformasiemuseum. Hier het ek die voorreg gehad om 'n Bybelblad op 'n replika van die Gutenberg-drukpers te kon druk. Hierna het ons by die Ouditorium van Calvyn gestop, waar hy aanvanklik lesings aangebied het en waar die Universiteit van Genève ontstaan het.

Ons besoek aan Mont Blanc in Frankryk en die Switserse Alpe, was tekenend van die vele hoogtepunte wat ons beleef het. Van hier het ek een van my draaie gery om vir William Farel te besoek. Vir maande het ek getwyfel of ek dit moes doen, maar my motivering was: "Wanneer sal ek weer die geleentheid kry?" Farel het as Hervormer by Neuchâtel afgetree. Voor die ou kerkie staan 'n standbeeld van Farel met 'n Bybel in sy hand en binne-in die kerkie lê 'n ou Franse Neuchâtel Bybel vanuit die 1700's.



*Worms Reformasie beelde*



*Druk Bybelblaai*



*Die Boodskapper in Wittenberg*



*Bronsskoene, Heylshoff, Worms*

Ons het op beweeg in Duitsland na Worms. Met ons aankoms het dit gereën en ons het ons gehaas na die wêreld se grootste Reformasiebeelde. Luther staan hoog in die middel terwyl Waldo, Wycliff e.a. doodstil sit. Die Bybel is sentraal in elkeen se hand. Om Worms te besoek, is om te soek na waar Luther in 1521 gestaan het. Die oorspronklike gebou bestaan nie meer nie, maar Heylshof-tuin is die plek waar Luther sy beroemde uitspraak gemaak het. Op die spesifieke plek in die tuin is daar groot bronsskoene gemaak waarin jy kan staan om jou in Luther se "Hier staan ek"-oomblik te probeer inleef.

Ons volgende stop was Eisenach waar ons by die Wartburgkasteel trappe leer klim het. Om daar te staan en te weet dat Luther daar die Nuwe Testament in Duits vertaal het, slaan jou asem weg, want dit was 'n trappie op pad na die Afrikaanse Bybel. Nog 'n hoogtepunt was om in Luther se kamer te staan.

Hierna is ons in die reën en donkerte na Erfurt om Luther se klooster en kerk te besoek sodat ons die volgende môre minder besoekpunte kon hê. Langs die hoofpaaie was daar groot borde met Reformasie 500 advertensies. Die aand was ons bevoorreg om in Eisenach te kon oornag met 'n uitsig op die Wartburg kasteel.

In my voorbereiding het ek die dorpie Stotternheim opgespoor en dit was ons volgende stop op pad na Wittenberg. Daar staan 'n groot klip op die plek waar die weerlig amper vir Luther doodgeslaan het en hy besluit het om 'n monnik te word. Die inskripsie *Ex Turingen Lux* (Uit Thüringen kom die Lig), asook die datum 2 Julie 1505 verskyn daarop.

Twaalfuur die Maandagmiddag van 30 Oktober was ons in Lutherstadt Wittenberg. Dit was 'n vakansiedag en die verkeer was 'n nagmerrie. Mense was tradisioneel geklee, oral was kos te koop asook vele uitstallings wat jou laat terugdink het aan die Luther-era met toneelopvoerings, sang en kunstenaars. Ons het Luther en Melanchton se beelde op die stadsplein besoek. Foto's om van te droom is voor die Lutherdeur geneem en ons is daarna met 'n toer deur die Kasteelkerk. Die binnekant is pragtig en Luther se graf is langs die preekstoel. Hierna het ons die Stadskerk besoek wat net so spesiaal is aangesien Luther waarskynlik eerder hier gepreek het en nie in die Kasteelkerk nie. Van hier af is ons na die Lutherhaus in Collegienstraat waar Martin en Katharina gewoon het. Op pad daarheen het ons verby die oorspronklike ingang van die ou Wittenberg Universiteit gestap. Hul huis was 'n groot ou Augustynse klooster en daar staan 'n pragtige beeld van Katie in die tuin. 'n Spesiale fokuspunt is die Katiedeur wat sy vir Martin in 1540 met sy verjaarsdag gemaak het. Hier kon ons wel foto's neem en nog 'n hoogtepunt was die tafel waar hul altyd geëet en gekuier het. Hier is baie van Luther se gesprekke aangeteken en daar bestaan vele boeke oor sy bekende tafelgesprekke.

In Torgau, oos van Wittenberg, het ons oornag en was reeds sesuur die oggend van 31 Oktober 2017 weer terug in Wittenberg. Hierdie hoogtepunt was spesiaal en ons kon letterlik die atmosfeer aanvoel om ná 500 jaar daar rond te stap en te weet dat hier iets groots begin het. 'n Nuwe toevoeging was die teenwoordigheid van polisie en die feit dat die Kasteelkerk nou afgesper was. Volgende het ons 'n boom met 'n verhaal van sy eie gaan opsoek, naamlik die Luther Eikeboom. Dit staan op die plek waar Luther die Pouslike Bul verbrand het.

Die tyd het gesnel en ons is die middag terug na Torgau waar ons die Schloss Hartenfels-kerk besoek het. Dit is die wêreld se eerste geboude gereformeerde kerk en Luther het dit in 1544 ingewy. Sy woorde was dat die enigste doel van die gebou sal wees dat die Here met ons deur sy Woord spreek en dat ons sal terugpraat deur sang en lofprysing. Ons was bevoorreg om hier saam met 120 mense na Psalmsang te kon luister met die tema Ein feste Burg ist unser Gott. Luther se beryming van Psalm 46 in 1529 was een van die eerste Protestantse psalmberymings. Hierdie woorde verskyn ook bo-aan die toring van die Kasteelkerk (All Saints) te Wittenberg waar Luther in 1517 sy 95 Stellings vasgespyker het. In Torgau het ons ook die St. Mary's kerk besoek waar Luther se vrou Katharina von Bora begrawe is. Daar is pragtige loodglaswerk waarin Luther uitgebeeld word.

Van hier het ons afbeweeg om die Königsee en omliggende dorpe besoek. Wat opmerklik was, is dat die suide van Duitsland baie meer Rooms voorkom as die noorde. Ten laaste wou ons in Zurich inbeweeg om die Gross-Münster kerk te besoek. Ons het maklik vir Zwingli met sy Bybel en swaard opgespoor. Die 900 jaaroue kerk van die twee Switserse Hervormers was naby en dit was spesiaal om in die wêreld van Zwingli en Bullinger die toer te kon afsluit.

Ons herinneringe en foto's van die plekke wat ons kon aanraak sal ons altyd bybly want dit is soms nodig om stil te staan en dit te aanskou wat waarde het al verg dit ook die ondenkbare.



# Nederigheid of ootmoed – die vergete deugsaamheid[1]

**Gerhard Fourie**

***Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat Ek* (Spreuke 8:13). So word daar ook gepraat oor Moab se trotsheid, hoogheid, hoogmoed en die verheffing van sy hart (Jer. 48:29).**

## Hoogmoed in stryd met God

Teen hoogmoed waarsku die Woord van God van die begin tot die einde. In die volgende paar maande se uitgawes van *Die Boodskapper* word daar gepoog om hierdie onderwerp oor hoogmoed en nederigheid van nader te bekyk.

Die boek van Wayne A en Joshua Mack getiteld *Humility the forgotten virtue* dien as basis vir die reeks. In die eerste aflewering word begin om 'n klompie aanhalings deur bekendes vanuit die geskiedenis aan die leser voor te hou. Die waarheid rondom hoogmoed teenoor nederigheid word baie pertinent in hierdie boek blootgelê. Cotton Mather onderstreep die noodsaaklikheid van die onderwerp: "Ons lewe in 'n dag waar mense gebrandmerk word en besig is om hulself in hul eie maniere van onbybelse selfverheffing te verdrink."

## Eerste vyand van God

God haat hoogmoed (Spr. 6: 16-17). Hy haat die hoogmoediges van hart, Hy vervloek hulle met sy mond, en straf hulle met sy hand (Ps. 119:21; Jes. 2:12; 23:9). Hoogmoed was God se eerste vyand. Dit was ook die eerste sonde in die Paradys en dit sal ook die laaste wees waarvan die mens by sy dood ontslae sal raak. George Swinnock sê: "Hoogmoed is soos 'n hemp vir die siel; dit word eerste aangetrek, maar ook laaste uitgetrek".

## Selfverafgoding

Hoogmoed is die unieke sonde van alle sondes. Die meeste sondes word gesien as verwydering tussen God en mens waarin die mens sy rug op God draai. Hoogmoed is die teendeel hiervan. Dit is 'n direkte aanslag teen God; die hart word bo God en ook teen God verhef. Hoogmoed is daardie sonde wat God wil onttroon en die naaste vertrap – selfverafgoding staan bo naastediens. "Hoogmoed se omsluiting van die hart is so kompleks soos die lae van 'n ui – neem een laag weg en daar is net 'n volgende" (Jonathan Edwards).

Hierdie is 'n sonde wat feitlik vanuit enigiets gevoed kan word: 'n billike deel bekwaamheid en wysheid, 'n enkele kompliment, 'n tydperk van uitsonderlike voorspoed of selfs die voltooiing van 'n nederige taak. Hoogmoed word gesien as die subtielste sonde wat in die mens kan wortelskiet.

"Om hierdie sonde te versmoor en uit te honger, is feitlik 'n saak van onmoontlikheid; dit lewe vanuit alles wat oor die mens se weg kom" (Richard Mayo). Martin Luther het gesê dat hy die sonde van hoogmoed meer as die pous van Rome met al sy kardinale vrees. Cotton Mather bely dat wanneer hoogmoed hom vul met bitterheid, verwarring en wanorde voor God, hy homself beywer "om na hierdie hoogmoed binne homself te kyk en dan die beeld van die duiwel self te beleef. Dit is die absolute teenoorgestelde van Christus se beeld van genade soos ons dit in die Woord kry. Hoogmoed het 'n natuur van absolute korruptheid".

> ***Die bose gees van hoogmoed was met ons gebore, en sal ook nie een uur voor ons doodgaan nie. Dit is in die diepste van ons natuur ingeweef en het so diep inslag gevind dat dit die mens self tot ontaarding lei. Ons sal nie die laaste daarvan hoor alvorens ons in doodslakens toegedraai is nie* (Charles Spurgeon).**

### Om die knie te buig voor die Vader

As die gelowige daarna streef om van hoogmoed ontslae te raak, moet hy in groot erns na die lewe van ons Verlosser en Saligmaker gaan kyk. "Dit was 'n lewe van niks anders as swaarkry en om die knie te buig voor die Vader in die hemel nie" (Calvyn). Nêrens is nederigheid beoefen soos in Getsémané en met die kruisiging nie. "Die tuin is die plek waar hoogmoed nie kon indring nie, want as dit sou poog om in te dring, sou dit in bloed verdrink word" (Joseph Hall).

### Hoogmoed nie deel van Christus

Die Woord van God vertel 'n verhaal wat gekant is teen trotse en hoogmoedige mense, maar wat genade aan nederiges verkondig (Jak. 4:6). In en deur Jesus Christus het daar genade gekom vir die wat deur die Gees lewend gemaak is en in Romeine 8:28-30 word daar van hierdie herskeppingswerk gepraat. Verder beteken dit om gelykvormig te word aan die nederige beeld van Christus, want Hy is ook self beeld van God. Die groot doel agter alles is dat God deur die lewe van die gelowige verheerlik word. "Die gesindheid wat in Christus was moet in God se kinders wees; Hy wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie" (Filip. 2:5-6). Hy het sy hemelse majesteit verlaat, Hy het Homself nie daaraan verkneg nie, maar het die gestalte van 'n nederige dienskneg aangeneem en op aarde kom woon en aan mense gelyk geword. Die mense, sy maaksels, dié het Hy kom dien. Om te "dien" is 'n gedagte wat baie keer te groot vir die mens is. Christus het nie hoogmoed geken nie; dit was nie deel van sy karakter nie. Bestudeer gerus Filippense 2.

---

1 'n Reeks aan die hand van die boek *Humility the forgotten virtue* deur Wayne A Mack en Joshua Mack.

# Ds. Hendrik Jacobus Malan

## 4/5/1939 – 19/10/2017



**Ons het ds. Malan in 2008 ontmoet toe hulle hul in Doonside kom vestig het. Ons predikant van destyds was ds. Hendrik van der Merwe wat 'n beroep na Fonteine aanvaar het. Ons was verheug toe ds. Malan ons skakel. Alhoewel hy eintlik binne Groter Durban se grense gewoon het, het hy gesê dat die stedelike verkeer vir hom te veel is.**

Ons was dankbaar vir sy bereidwilligheid om ons te help en die kontrak aanvaar het vir 'n beperkte dienstermyn vanaf 1 Junie 2008 tot 31 Mei 2010. Ná hierdie tydperk het hy besluit om vanweë sy gesondheid af te tree. Daarna het ons vir 18 maande van predikante se dienste gebruik gemaak wat hier met verlof was, asook leesprekе.

Die lidmatetal het gekwyn en ons het ds. Malan weer genader vir hulp. Hy het nieteenstaande sy swak gesondheid ingewillig om ons weer te help en het met beperkte dienstermyn vanaf 18 Desember 2011 tot 30 Junie 2014 die AP Kerk Suidkus bedien. Gedurendie dié tydperk het hy siekes besoek, begrafnisse gehou, die belydenisklas behartig en kerkraadslede bevestig. Met funksies vir fondsinsameling was sy hand altyd oop en tydens Pinksterdienste het hy spesiaal in 'n woonstel naby ingetrek om die lang ritte daagliks uit te skakel. Die gemeente waardeer opreg wat hy vir ons gedoen het. Mev. Issie, baie dankie vir jou bystand. Ons innige medelye met jou en die kinders se verlies.

**Kobie Jacobs namens AP Kerk Suidkus**

# *Foundations for fathers*

## deur Douglas Wilson (Audiolesing)

Uitgegee deur Canon press audio, 1990. Posbus 8729. Moscow, Idaho 83843. ISBN: 1-59128-201-2

**Resensie deur ds. Ruan Combrink**

Die groot hoeveelheid seksskandale onder bekendes in Hollywood en nuus- en media-organisasies in die VSA het sekulêre meningsvormers, liberale denkers en feministe uit elke gat, skeur en holte van die samelewing laat dop om Bybelse opvoedingsbeginsels aan te val. Hulle beweer dat die tipiese outydse manier van kinderopvoeding tot, wat hulle noem "toxic masculinity", by mans lei. Die veronderstelling is dat as ons ons dogters meer manlik grootmaak en ons seuns meer vroulik, hierdie vergrype nie sal gebeur nie. Sommige Kanadese onderwysers is onlangs gedwing om opleiding te ondergaan ten opsigte van kinders wat deel vorm van die LGGBDTTTIQQAAP gemeenskap (Nie 'n grap nie!). Dit raak al hoe meer algemeen dat ouers probeer om hul kinders geslags-neutraal groot te maak. Die kriminalisering van lyfstraf in Westerse lande en die gevolglike dreigende wetgewing daaroor in Suid-Afrika, is 'n wekroep vir enigeen wat nog durf dink dat hierdie tendense in die Weste, nie ook Suid Afrika sal tref nie.

Teen dié vloedgolf van verkeerdom idees rondom kinderopvoeding, is daar genadiglik ook sterk gereformeerde stemme wat op Bybelse beginsels staan. Die boeke oor opvoeding van seuns en dogters deur James Dobson asook sy werk oor Bybelse dissipline is wel bekend. Oor Douglas Wilson se *Future men* het ook reeds 'n resensie in hierdie blad verskyn. Paul Tripp bied ook 'n uitstekende praktiese seminaar oor kinderopvoeding aan in *Getting to the heart of parenting.* Hier wil egter klem geplaas word op 'n ander werk van Douglas Wilson. Sy oudiolesing-reeks *Foundations for fathers* bied 'n sterk Bybelse onderbou vir Christelike kinderopvoeding.

Hy praat spesifiek met die vader wat as hoof van die huis die primêre verantwoordelikheid vir sy kinders se Bybelse opvoeding moet dra. Wilson bied riglyne oor hoe 'n man sy vrou behoort te lei in die opvoeding van hul kinders. Hy handel in een hoofstuk oor hoe om standaarde te stel. In 'n ander hoofstuk gee hy uitstekende, praktiese en toepaslike riglyne vir die Bybelse metode vir toepassing van dissipline. Hy sluit af met hoe jy jou kinders leerstellinge leer en hoe om hulle te evangeliseer.

Die basis vir al hierdie dinge is egter krities belangrik. Daarom begin Wilson met 'n hoofstuk wat hy noem: *Foundations for fathers.* Hierin lig hy vyf Bybelse grondbeginsels vir Christelike opvoeding uit.

- **Die genoegsaamheid van die Bybel** (2 Tim. 3:16-17; Deut. 6:4-9 en Efés. 6:4).
- **Dissipline vervang nie wedergeboorte nie** (Rom. 5:19; Efés. 2:1-3).
- **Bybelse opvoeding is verbondsopvoeding** (1 Kor. 7:13-15; Tit. 1:60).
- **Die hoof van die huis as rentmeester** (Efés. 5:22-33).
- **Die eindpunt van kinderopvoeding is dat hulle die huis verlaat** (Efés. 5:31; Gén. 2:24).

Dit is in hierdie laaste punt wat 'n mens weer die patroon van die verlossingsgeskiedenis so duidelik sien. God se handelinge met sy volk deur die geskiedenis spreek van 'n patroon van onvolwassenheid by die volk Israel in die woestyn tot die kerk as volwasse bruid van Christus in Openbaring 19. Die onkundige jong volk wat uit Egipte gered is, word toegegooi met wette. Mettertyd is die verwagting dat die volk die beginsels sal leer verstaan en die wet op die hart sou hê. Daarom word die meer volwasse volk deur Christus gemaan om die beginsels raak te sien bo die letter van die wet. Paulus verwag dan ook van die nuwe Israel, die gelowiges in Christus, om nie meer van melkkos afhanklik te wees nie!

Op 'n ligte, dog ernstige manier neem Douglas Wilson 'n mens met praktiese voorbeelde deur die opvoedingstaak van die "diktatoriale polisiestaat" waarin die driejarige moet leef tot waar hulle, in die woorde van Efésiërs 4:13,15, "tot 'n volwasse man ... opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus ..."

Vervolg vanaf p. 14

# Hoe ek my seuns gehelp het om Christenmanne te word

## Deurdink die gedagte

Wat dink ons seuns hiervan? Hulle voel geïntimideerd en soms raak hulle moedeloos. "Dit is te moeilik", sal hulle sê. "Ek hou nie hiervan nie." "Waarom moet ons dit doen?" Ons het dit juis moeilik gemaak, want manwees is nie maklik nie. Die lewe is nie maklik vir 'n Christen nie. Ons het hulle bly aanmoedig, maar hulle ook uitgedaag. Ons het nie voor die druk van buite geswig nie. "Waarom is ons anders?", sal hulle dikwels vra. "Dit is wat Mamma en ek besluit het om te doen. God het ons vir julle opvoeding as mans verantwoordelik gemaak. Omdat julle deel van hierdie familie is, is dit wat ons doen."

Dit is belangrik om 'n gesonde balans te handhaaf. Die take moet pas by jou kind se vermoëns. Dit moenie só moeilik of só tydrowend wees dat ons hulle "vertoorn" nie (Efés. 6:4). Aan die ander kant wil ons ook nie meedoen aan die tipiese luiheid van die Amerikaanse kultuur nie waar baie mense maar net saam met die stroom swem sonder duidelike doelwitte en eerder vermaak wil word en werk wil vermy. Ander werk wel hard, maar met verkeerde doelwitte. Ons moedig harde werk aan met die oog daarop om Christus te dien. Ons probeer om ons seuns op 'n positiewe wyse aan te moedig, maar verbloem nie die feit dat ons besig is om teen die kulturele hoofstroom op te swem nie.

## Nog 'n man in die huis

Wat gebeur as die seun 'n man word? Hy het die voorregte van 'n man. Daardie voorregte moet natuurlik eg en betekenisvol wees. Ek moet erken dat hierdie deel my en Diane so 'n bietjie bang maak. Ons het egter besluit dat dit beter is om ons jongman nou, terwyl hy nog in ons huis is, soveel vryheid as moontlik te gee. Op veertienjarige ouderdom is hy steeds jonk genoeg om ons om raad te vra. Hy is jonk genoeg om te besef dat hy nog nie alles weet nie. Ons reken dit is baie beter dat hy onder hierdie omstandighede die vryheid het om dinge te ondersoek en te probeer as wat hy eers hierdie vryheid kry die dag wanneer hy universiteit toe moet gaan en ons hom baie min sien en nie met hom oor al die uitdagings kan gesels nie.

Sodra ons seun 'n man word, is daar heelwat dinge wat verander. As 'n man het hy nie meer 'n oppasser nodig nie. Hy kan nou na die jonger kinders omsien. Hy bepaal sy eie slaaptyd en hoe laat hy opstaan. Hy besluit wanneer hy sy huiswerk doen en hoeveel tyd hy daaraan gaan bestee. Hy besluit self na watter televisieprogramme hy gaan kyk en ook hoe lank hy televisie gaan kyk. Hy kan selfs begin om 'n verbondsonderrigklas by die kerk aan te bied (aanvanklik onder toesig). Hy mag deelneem wanneer ek en my vrou sekere belangrike besluite bespreek, beplan en neem. Hy moet self kos koop vir sy troeteldier en dit versorg. Hy koop sy eie klere, skoolbenodigdhede en geskenke. Hy betaal selfs huur om in ons huis te mag bly. Dit beteken natuurlik dat ons sy sakgeld ook aanpas sodat hy in staat is om hierdie uitgawes te dek. Bykomend vergoed ek hom natuurlik ook met 'n gangbare loon wanneer hy ekstra take verrig.

Ons verwag van hom om betyds vir etes en bedagsaam teenoor die res van die huisgesin te wees. As hy iewers heen wil gaan, wil ons weet waar hy is. Sondagaande kom ons as gesin byeen om oor die week te gesels. Ons gesels steeds met hom oor sy geestelike lewe. Indien ons sonde in sy lewe opmerk, sal ons hom steeds daaroor aanspreek. Ons bemoedig en vermaan mekaar steeds as medegelowiges in Christus (Kol. 3:16). As deel van die liggaam van Christus is gelowiges immers vir mekaar verantwoordelik. Ransom se vryheid is nie 'n vryheid tot losbandigheid nie. Wanneer ek sien dat my broer in die geloof sy gedagtes met verkeerde televisieprogramme besoedel, of nie sy huiswerk doen nie of selfs te laat wakker bly sodat hy die volgende dag moeg gaan wees, sal ek met hom gesels en vra: "Is dit wys vir 'n Christenman om só op te tree?"


Tot dusver is ons baie tevrede. Dit was harde werk, maar Ransom is nou 'n man. Natuurlik het hy behoeftes en begeertes soos enige persoon van sy ouderdom, maar wanneer dit by belangrike sake kom, tree hy soos 'n man op. Natuurlik is hy nie perfek nie. Hy maak ook maar foute en toon soms nog tekens van onvolwassenheid, maar ons het 'n groot verandering ná sy Bar Jeshua opgemerk.

---

1 Hierdie artikel is reeds in 1999 geskryf. Die artikel is deur die redaksie vertaal en aangepas en kan by hierdie skakel in sy oorspronklike vorm gelees word: https://frame-poythress.org/how-i-helped-my-boys-to-become-christian-men/

2 Vern S Poythress is professor in Nuwe Testament aan die Westminster Teologiese Seminarium.

## BYBELWOORDBLOK met INKLEURPRET : Psalm 37 : 1 - 40



**Leidrade:**

**DWARS:**

1. 37:6/Geregtigheid
4. 37:5/Steun
7. 37:12/Gebit
8. 37:9/Beheer
9. 37:16/Skatte
11. 37:25/Naspoor
12. 37:13/Spot
13. 37:39/Toeverlaat
14. 37:25/[... ate] = Wanhopig
18. 37:14/[... d] = Wapen
19. 37:7/Stilbly
20. 37:1/Psalmis
22. 37:38/[To ...] = Verwagting
27. 37:8/Boosheid
29. 37:3/Toelê
30. 37:20/Mooiheid
32. 37:20/Sterf
33. 37:30/Spraakorgaan
34. 37:30/Insig

**AF:**

2. 37:2/Plantegroei
3. 37:31/Onvas
4. 37:19/[... ig] = Gevoed
5. 37:20/Vlugtige damp
6. 37:1/Koraal
8. 37:35/Inheemse plant
10. 37:11 Geniet
14. 37:20 Teenstanders
15. 37:7 [... ge] = Geslepe
16. 37:25 [... od] =Voedsel
17. 37:3 Habiteer
21. 37:26 Bate
23. 37:10 Gebied
24. 37:37 Godvrugtige
25. 37:14 Styfgetrek
26. 37:18 Nalatenskap
27. 37:12 Tandgeluid
28. 37:4 Gemoed
29. 37:14 Skietwapen
31. 37:4 Bied
32. 37:25 Bejaard

Teks, illustrasie en uitleg: Daleen Pienaar 2017

*Laudate Dominum*: Psalm 147:1

## ADVERTENSIETARIEWE: *Die Boodskapper 2018*

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys swart & wit | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R145.00 | Nie beskikbaar |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R385.00 | Nie beskikbaar |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R795.00 | R1 700.00 |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R1 350.00 | R2 800.00 |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R2 250.00 | R4 200.00 |
| **Agterblad 1/2 blad** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R2 850.00 |
| **Agterblad volblad** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R4 950.00 |

*50% afslag op R795.00 en meer indien AP kerksake geadverteer word. 10% afslag op plasing van 10 agtereenvolgende advertensies – vooruit betaalbaar.*


**Bank inbetalingsbesonderhede:**

Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Hatfieldtak: 335 545 • Direkte inbetaling: 632 005

*By inbetaling: Verstrek die DB-nommer wat spesifiek aan u toegeken word vir u advertensie. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*


**Antwoorde:** Januarie 2017/ Desember 2018, p. 18

3 000
\+ 600
3 600
X 6
21 600
\+ 400
22 000
\+ 3 700
25 700
\+ 300
26 000
\+ 1 400
27 400
\- 400
= 27 000 mense by Afek gedood






*Vir 'n unieke, onvergeetlike naweek • vakansie!*

**REINA BOSVELD VAKANSIES**

IN **LEEUPOORT** tussen Thabazimbi en Bela Bela

Marianne **082 565 5121**
Reina **082 490 7692**
gaangroen@gmail.com
Reina leeupoort akkom

*Billike tariewe!*

## Ivanstan vakansiehuis – Ramsgate

4 Slaapkamer, 5 minute se stap vanaf Southbroomstrand. DSTV, lugversorging in slaapkamers, elektriese omheining, alarm, swembad, kragopwekker, watertenk en bediende.

**Kontak Nico 082 414 4616**
**facebook.com/IvanstanVakansiehuis**

## Te huur: Woonstel: Potchefstroom

2 slaapkamer woonstel. Vol badkamer.
Oop plan kombuis/leef area. Loopafstand van NWU.
Afdak vir motor. Geen diere/rook.
R5 000 p.m. Beskikbaar: 01/01/2018

Kontak: Inge Viviers 084 701 7353

## AMNESTIE vir Wilhelm Pretorius en die Boerevolk Politieke Gevangenes!

Wilhelm Pretorius en die Boerevolk se politieke gevangenes (onder andere sommiges van die Boeremag-aangehoudenes) is tans besig met hul AMNESTIE-aansoeke. Die manne benodig u en u vriende en familie se hulp om die petisie ter ondersteuning van hul amnestie-aansoeke te teken.

Besoek www.boervin.org vir die skakel na die petisie om dit aanlyn te teken of kontak Riëtte by 082 776 6597 vir die petisievorms of om te help met die verspreiding daarvan.

## ABRIE SPIES

Danny-eiendomme en vakansieverblyf.
Shelley Beach, Uvongo, Margate. *Reg van toegang voorbehou.*

Tel: (039) 315-1345/55 Faks: (039) 315-1356
E-pos: abriespies@telkomsa.net
Posbus 385, Shelley Beach, 4265

## PRETORIA "OORKANT LOFTUS" B&B

Gesellig, gerieflik, ideaal geleë. Naby Universiteite, hospitale, sake- en inkopiesentrums, sportvelde en direk oorkant die hoofhek van Loftus rugby-stadion.

MAKLIK OM TE KRY!!!

Kirkness str. 439, Sunnyside, 0002

Tel: (012) 344-2289 • Sel: 082 574 4191 (na ure)
e-pos: oorkant@mweb.co.za

## UVONGO VAKANSIE WOONSTEL

*SEE UITSIG *NABY STRAND *LUGREELING/TV
*SLAAP 4/5 (EEN SLAAPKAMER) *SWEMBAD/BUITE BRAAI
*PARKERING *VANAF R250 PER NAG (BUITE SEISOEN)

**SKAKEL JOPIE DU PLESSIS: 012 259 0800 OF 082 858 7047 OF E-POS: jopie@dupl.co.za**

HENDRINA

## Huwelikseminaar

’n Geslaagde egpare-seminaar onder leiding van ds. Adriaan Appelgryn en Susan Grobler is in September by die Brunfelsia Estate buite Bethal aangebied. Van die onderwerpe en besprekingspunte was: God se doel met man en vrou in die skepping, verantwoordelikheid, emosies en keuses en vertroue en kommunikasie.

Die seminaar is deurgaans met ’n Christelike begronding vanuit die Woord van God aangebied. Die doel en wil vir man en vrou in die huwelik is vanuit hierdie beginsel verduidelik. Elkeen van die egpare wat dit bygewoon het, kan verryk en gemotiveerd vorentoe kyk. Hulle kan ook met ’n positiewe gesindheid voortbou op die toerusting wat hulle by die seminaar ontvang het. Of jy ’n maand of ’n jaar of vyftig jaar getroud is, jy en jou lewensmaat sal by hierdie seminaar baatvind.

Alhoewel die seminaar ’n baie druk program bevat, het die kursusgangers tyd gehad om mekaar beter te leer ken en sosiaal te verkeer. Daar was egpare van die AP Kerk Belfast, Standerton en Hendrina, asook van die Hervormde Kerk Middelburg teenwoordig. Alle eer aan ons hemelse Vader vir al die talente en gawes wat Hy mildelik aan elkeen uitdeel.

Elize Powell



MORGENZON

## Jeugkamp






Die Ring van Morgenzon het die naweek van 13-15 Oktober 2017 ’n besondere jeugkamp gehou. Die tema was *Reformasie 500*. Die kinders het self die “Wittenbergdeur” gebou en ook die geleentheid gekry om hulle briefies teen die deur vas te spyker. Martin Luther se geskiedenis is aan hulle verduidelik sodat hulle weet waarom hy en so baie ander vir hulle geloof opgestaan het.

Elise Pretorius

## Gariepdam

Bekostigbare oornagverblyf, goed geleë in die middel van SA, tussen Gauteng, Kaap, Natal, PE en OL. Verskeidenheid opsies beskikbaar, vanaf enkelpersone tot groot gesinne, asook groepe. Veilige parkering in 'n rustige omgewing.

**Kontak Debbie: 082 326 5714**

## DOONSIDE (2 km van Toti)

Shangrila: Seefront, 2 + 3 slaapkamers; sommige DSTV
Onderdak parkering • Braaiplek, winkel, wassery
Superwaarde

082 821 2601 / 012 567 3492
www.shangrilaholidayflats.co.za

## SUIDKUS-ST. MICHAELS

Branderuitsig 150° op swemstrand, 2 slaapkamers, 2 badkamers, toesluitmotorhuis, DSTV

R400 p/d buite seisoen

**Skakel 079 477 3300**

## Wag 'n bietjieshoek

**Ramsgate – Margate**

**Netjiese selfsorg-eenheid met:**
*braaigeriewe, *swembad,
*pooltafels, *veilige parkering
Naby swemstrand, Billike tariewe

**Skakel: Anna Stols 039 314 4220/082 823 0839**

## SUIDKUS MARGATE

**Loopafstand van hoofstrand. 2 Slaapkamer – 6 persone**
**See- en brander-uitsig van balkon**
**2 x onderdak parkering**

**Skakel Liezl vir tariewe 076 994 1187**

## LIBRA VAKANSIE WOONSTELLE

**MANABA/MARGATE – SUIDKUS NATAL**

9 x 1 en 3 slaapkamer seefront woonstelle
Spesiale aanbod buite seisoen
- skakel vir meer besonderhede

**Desireé 082-771-5392 • 039-315-6588**
**http://www.libraholidays.co.za**

## OORNAG TE BLOEMFONTEIN

Selfsorg oornagkamers elk met:
minikombuis en –badkamer, lugreëling, TV, braai- en vriesgeriewe, veilige onderdak parkering

Slaap 1-4 en 1-5. Naby N1

**Skakel Piet of Belie by 051 433 2635 0f 072 342 7530**

## Voornemende en huidige KOVSIES 2018

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

**AP Kerk Bainsvlei Kontak ons by**

**082 614 5857 of 083 269 1188**

## VOLKSHULP 2000

- Hierdie is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynorganisasie wat na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp 2000 ontvang geen hulp van die Staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is slegs afhanklik van donasies en ander skenkings van volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is die slagoffers van omstandighede buite hulle beheer.
- Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om die toenemende nood te bestry.
- Belastingkortingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.

Straatadres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria
Tel. nr. 012 755 8201/2,
Posadres: Posbus 11824, Queenswood 0121
Tjekrekeningnommer: Absa 10176514, takkode: 632 005

**By voorbaat baie dankie vir u bystand**



## Wili-werk-ni

Ten volle toegeruste vakansiewoning op die grens van Margate en Uvongo. Loopafstand na die strand. Pragtige see-uitsig. Billike tariewe

*Skakel Willie of Poppie Brits: Tel. 039 317 2076, Sel: 082 746 4852*
*Queenstraat 18, Uvongo*

## APK Dasse

Wit Kerkraadsdasse @ R100
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

epos pietersburg@apkerk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure**: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**DENDRON**

## Gebed vir my kind

Hierdie foto en gebed vanaf AP Kerk Dendron Verbondsjeug word opgedra aan al die Verbondskinders van ons kerkverband. Wat 'n voorreg om soveel jongmense in die gemeente te kan hê! Die toekoms van ons kerk lê in die hande van hierdie kinders. Mag hierdie gebed waar wees vir elke ouer en kind nie net binne die AP Kerk nie, maar ook vir die Afrikanervolk.

**Gebed vir my kind**
**Ds. Petrus van Rensburg**
Here, vandag aan die begin van 'n nuwe jaar, wil ek vir vir U dankie sê vir die mees spesiale waarvoor ek ooit kon vra – my kind.

Lei my in hierdie jaar in u genade en wysheid om hom wat U my geleen het na voorbeeld en Woord so te begelei dat hy aan die einde van 2018 nader aan U sal wees. Gee my wysheid om my prioriteite hierdie jaar reg te kies en ook die genade om dit na te kom. Gee my genade om te weet wat is belangrik – regtig belangrik – en daarop te fokus.

Lei my dat ek my kind só sal opvoed dat hy nie aan die einde van sy lewe sal terugkyk en met spyt 'n vinger na my sal wys nie.

Here, help my om hom aan U vas te maak sodat wanneer hy eendag alleen voor U sal moet verskyn, hy met vrymoedigheid die hemel sal kan betree. Daarom vra ek U, o Vader, gee my wysheid om te weet wat is belangrik vir my kind. Skenk aan my die genade om te dink voor ek doen, voor ek praat, voor ek besluit, voor ek tug.

Here, vergewe my waar ek so dikwels faal. Vergewe my waar ek U nie as ouer verteenwoordig nie. Vergewe my waar ek die verbond wat ek met U by die doopfont gesluit het, minag. En dankie dat U instaan waar ek so dikwels faal; dankie vir die genadeverbond en die doop as teken daarvan.

Here, ek erken dat ek 'n sondige ouer is en daarom bring ek my mees kosbare besitting aan die begin van 2018 na U. Help my dat ek hom aan U sal vasmaak; om die kerk my kind se geestelike tuiste te maak sodat ook hy deur die pad van die kerk heen eendag sy eie pad hemel toe mag vind. AMEN.

**Dalene van der Merwe (Saakgelastigde)**



**AP KERK SUIDKUS**
Eredienste 09:00. AP kerkgebou, Alexanderweg 58, Gayridge, Margate.
**Navrae: Kobie Jacobs, 039 313 5181 of 082 896 3236**

**AP KERK GANSBAAI**
Die AP Kerk Gansbaai (vroeër Onrusrivier) nooi alle besoekers, vakansiegangers en belangstellendes om ons dienste die tweede en die vierde Sondag van die maand op Gansbaai by Birkenhead Bootklub, Gansbaaihawe om 10:00 by te woon.
**Kontakpersone:**
**Oudl. Jan Venter, 028 3880 406 of Annatjie Otto, 028 381 9940**

**AP KERK RIVERSDAL**
Alle vakansiegangers en nuwe intrekkers is hartlik welkom by ons eredienste wat elke Sondag om 10:00 in ons AP kerkgebou, Heidestraat, Riversdal gehou word.
Stilbaai nog geen tye beskikbaar.
**Kontak: Mev. M de Bruyn, 072 151 7211**

**AP KERK BRAKRIVIER**
Eredienste: 09:00.
**Prediker: Ds. Hano Jones 082 515 9730,**
**Saakgelastigde: Steve Olivier 083 564 4709; Voorsitter: Chris Boshoff 082 372 8687**

**AP KERK KNYSNA** Eredienstye is 10:00 te Cearn Hall, Hallstraat, Leisure eiland, Knysna.
**Navrae: Oudl. Christo Matthee by sel: 083 769 9313 of na ure by tel: 044 382 1510**

**AP KERK WARMBAD**
Eredienste 9:00, AP Kerkgebou, h/v Katjiepiering- en Huilboslaan
**Navrae: Wilma Smith**
**014 161 0676 / 079 703 4304,**
**Oudl. Willie Conradie 082 923 5935**

**AP KERK MOSSELBAAI**
Alle vakansiegangers hartlik welkom by ons eredienste Sondagoggend om 09:00 in ons kerkgebou te Soetdoringstraat, Heiderand, Mosselbaai. Persone van elders wat in die hospitaal is, kan ons ook kontak.
Kerkkantoor: Maandag – Vrydag: 09h00 – 13h00.
**Leraar: Ds. Dawie Pretorius, Tel: 082 771 7011,**
**Tel.- en faksnr.: 044 693 4674**

**AP KERK NAMAKWALAND**
Die AP Kerk Namakwaland (Springbok) nooi alle besoekers, nuwe intrekkers, vakansiegangers en belangstellendes om Sondae oggende die erediens om 09:00 by te woon. Die straatadres is Kowie Cloetestraat, Springbok.
**Navrae: Mev. S Homann 083 564 5637**

**AP KERK GEORGE**
Besoekers en nuwe intrekkers hartlik welkom by ons eredienste elke Sondagoggend in die kerkgebou op die hoek van St. Pauls- en Johnstraat, Denneoord, George.
Eredienste: 1 Januarie 2017 tot 30 Junie 2017: om 10:30.
1 Julie 2017 tot 31 Desember 2017: om 08:30.
**Bedienaar van die Woord: Ds. Hano Jones, tel.: 082 515 9730**
**Saakgelastigde: Dawie Claassen, tel.: 044 873 6220**

WESMOOT

## Kerssangdiens

Die kerssangaand van 2017 is vir seker iets wat die gemeente nog lank sal onthou. Saam met gemeentesang, kindersang en solosang deur Emilise Steenkamp, is daar afgewissel tussen die Powerpoint aanbieding op skerm en tablo's op die verhoog om die eeu-oue kersverhaal vir almal weer nuut te laat word. Die kinders wat deelgeneem het aan die tablos's is bygestaan deur Hanlie Venter, links agter, Flip Booyens in die middel regs en Cornelia Behrens heel regs agter. Maria en Josef, links voor, is vertolk deur Kelisha Behrens en Henrico Venter. Die skaapwagers was CJ van Jaarsveld en Dilan Kok, die wyse manne was Arno en JP Booyens en die engele was Chané Venter saam met die kleintjies Jolanri Kok en Katelin Behrens. Dit was harde werk maar die kinders het dit ongelooflik baie geniet!

Dele uit die Bybel en pragtige gedigte is voorgelees deur Maretha Jonker en ds. Nico Rautenbach. Om die hele aanbieding tot volle reg te laat kom, is tegnici ook ingespan en is die klank en beligting gedoen deur Jaco de Klerk, Riaan van Staden en Flip Booyens. Elise Rautenbach het die teks geskryf en was ook die regisseur.

Ingestuur





## Bestek Bybelkennis-eksamen 2018

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 9 (20) | Matthéüs 7 (20) | Les 1-9 (10) |
| **Graad 5** | Deuteronómium 12 (20) | Lukas 5 (20) | Les 1-9 (10) |
| **Graad 6** | Josua 7 (20) | Handelinge 9 (20) | Les 1-9 (10) |
| **Graad 7** | 1 Samuel 26 & 27 (35) | Efésiërs 4-6 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Graad 8** | Ester 1-4 (35) | 1 Johannes | Les 1-9 (30) |
| **Graad 9** | Jeremia 33-36 (35) | 2 Timótheüs & Judas (35) | Les 1-9 (30) |
| **Graad 10** | Job 6-11 (35) | Galásiërs 5 & 6, Efésiërs 1-3 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Graad 11** | Joël & Nahum (35) | Openbaring 1-5 (35) | Les 1-9 (30) |
| **Belydende** | Daniël 5-9 (35) | Filémon & Jakobus (35) | NGb Art 25-29 (30) |

## Vakansie-geleentheid vir Predikante

Die AP Kerk Suidkus bied die volgende:

- Gratis verblyf vir 10 dae per gesin (reiskoste heen en weer uitgesluit).
- Pligte: Preekbeurt vir 2 agtereenvolgende Sondae.
- Indien nodig, hospitaalbesoek of huisbesoek vir ernstige siekte of begrafnis (addisionele vergoeding).
- Reistoelae: Slegs vir ritte binne die gemeente vir bogenoemde besoeke.

**Kontakpersone: Voorsitter: Piet Stadler 082 959 8111/039 315 5102 | Skriba: Kobie Jacobs 082 896 3236/039 313 5181**

## Die Afrikaanse Protestantse Akademie NPC

**webblad:** www.apa.ac.za
**epos:** info@apa.ac.za
**Adres:** Farendenstraat 430, Clydesdale, Pretoria, 0002

Geregistreer by die Departement van Onderwys. Registrasienr. 1999/HE08/001




## Twee woonstelle te huur – Mosselbaai

Ten volle toegeruste 2 slaapkamer seefront woonstelle
Slaap 4 • Linne, TV, Braaigeriewe • 50 meter vanaf see.

**Skakel Elma 083 448 9111**

## Te huur: Woonstel: Potchefstroom

2 slaapkamer woonstel. Vol badkamer.
Oop plan kombuis/leefarea. Loopafstand van NWU.
Motorafdak. Geen diere/rook. R5 000.00 per maand.
Beskikbaar vanaf 01/01/2018

**Kontak: Inge Viviers 084 701 7353**

## Stellenbosch-Somerset-Strand


Ouers van kinders wat op Stellenbosch studeer, word vriendelik versoek om die name, adresse en telefoonnommers van sodanige studente aan die skriba, drs. S Botes, te stuur. Weens sekerheidsredes wil die Universiteit nie die inligting bekend maak nie.
By voorbaat dank.

**Adres: Algoastraat 30, Strand 7140**
**E-pos: steve@bootes.co.za**

## GRASKOP

Sentraal geleë vir besoeke aan Platorand, Laeveld en Krugerwildtuin. Volledig toegeruste 3-slaapkamer vakansiehuis op Graskop. Slaap 6 persone gemaklik, kan tot 1 volwassene of 2 kinders ekstra.

**Skakel Seakle by 082 395 7582, faks 086 509 7595 of seakle@ess-sustainability.co.za.**







**Wêreld Geskiedenis Tydlyn (3.4 m X 210 mm)**

Op A4 velle gratis: http://tydlyn.blogspot.com

**Vollengte, gelamineerd of papier**

Te koop by willem@diemoot.net
012 333 4020 of 082 824 3190

## NATAL SUIDKUS

Luukse 2 slaapkamer woonstel
Pragtige see-uitsig
Billike tariewe

**Skakel 082 338 8253**

## Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

## BEKENDES IN LONDEN?

Daar is 'n gemeente.
Gee gerus die name van u familielede of bekendes wat bediening nodig het, deur aan oudl. B Earle

Sy kontaknommer is: +44 790 479 4174
e-pos: engeland@apk.co.za
webwerf: www.apklonden.com
(preke op webwerf beskikbaar)

WESMOOT

## Verjaarsdagfees



*Ds. Nico by die hooftafel met die vrolike versierings, twee verjaarsdagkoeke en die boompie met hartjiekaartjies. Voor in die middel is sy dogter Amanda en skoonseun Joe wat spesiaal deur die kerkraad uitgenooi is vir die geleentheid.*

'n Feestelike geleentheid het plaasgevind met die verjaarsdag van ons predikant, ds. Nico Rautenbach. Die kerkraad en Vroueaksie het besluit om ná die Nagmaaldiens 'n gemeentebyeenkoms en verjaarsdagviering te hou met 'n kuier en braai. Dit is as verrassing gehou. En wás hy verras! Hy kon sy oë nie glo toe hy sien wat alles buite onder die afdak aangaan nie! Onder leiding van die kreatiewe inisiatief van Reinette Venter, is die tafels pragtig gedek en groot vindingrykheid is aan die dag gelê om dit iets besonders te maak en 'n vrolike atmosfeer te skep. "Lekker verjaar" is op vlaggies uitgespel, geel en wit balonne het oral gepryk en die tafels was versier met vrolike geel blomme en geel en wit versierings. Aan 'n boompie van draad se takke het geel kaartjies gehang waarop elkeen 'n boodskappie vir hom kon skryf en dit bêre in 'n fraai houtkissie sodat hy dit later kon lees. Twee pragtige verjaarsdagkoeke het op die hooftafel gepryk, gebak deur Mariette Koekemoer, familielid van diakensvrou Diana Isel. Die een koek se versiering was in die vorm van 'n wit hemp, kompleet met stywe boordjie en das en die ander een versier met rooi rosies en "Veels geluk" daarop geskryf. Dit was voorwaar 'n fees waar daar tot laatmiddag gekuier is en leraar en gemeente sommer nader aan mekaar gebring is!

Ingestuur

LICHTENBURG

## Familiesaak


*Op die foto is drie pa's en hulle seuns wat saam op die kerkraad dien. V.l.n.r. Oudl. Evert du Preez en sy skoonseun diak. Ferdie Coetsee. Oudl. Jan Möller en sy seun diak. Pieter Möller. Oudl. Chris Badenhorst (sr.) en sy seun en skoonseun diak. Chris Badenhorst (jr.) en Johan Fourie. Die vierde pa, ouderling Jopie Strydom en sy skoonseun diaken Willem Niemand, was ongelukkig nie beskikbaar toe die foto geneem is nie.*

Die AP Kerk Lichtenburg het 'n besondere moeilike jaar beleef. Toenemende onrus in die woonbuurte het 'n onrustigheid, ondenkbare brandstigting en wedersydse agterdog teenoor die dorpsbewoners en omringende plase tot gevolg gehad. Maar binne ons gemeente het 'n nouer band van eenheid en gemeentelike pligsbesef teenoor koninkrykswerk toegeneem. Aan Hom al die eer daarvoor. Ons is dankbaar vir al die betrokke families wat hul kerklike pligte met erns bejeën asook elke indiwiduele lidmaat wat hulle ampte met waardigheid en erns in die kerkraad hanteer. Aan God die Vader al die eer vir die seëninge wat ons beleef asook elkeen wat sy plig in die kerkraad met ywer volvoer. Mag die Heilige Gees u lei in hierdie taak.

Elize van der Westhuizen

# INSKRYWINGSVORM:
## Die Boodskapper 2018
### (Enkelintekenare)

Titel: .................. Voorletters: ....................

Van: ........................................................

Adres: ....................................................

...............................................................

.................................. Poskode: ................

Telefoon: .................................................

Sel: .........................................................

E-posadres: ..............................................
Elektroniese intekenaar: R18.00 per eksemplaar/
R180.00 per jaar – 2018

Tydperk: ..................................................

Bedrag ingesluit: .....................................
(R22.95 per eksemplaar/R229.50 p.j. – 2018)

REKENINGBESONDERHEDE:
Absa (tjek) rekeningnommer: 2140 143 068
Takkode: 335 545 (Hatfield). Direkte inbetalings:
632 005. Rekeningnaam: APK/GKK


**Groot kamer in huis te huur, Meyerspark, Pretoria:**

Onmiddellik beskikbaar. Eie ingang. Onderdak parkering. Groot slaapkamer met eie badkamer. R3 000 per maand vooruit betaalbaar (elektrisiteit uitgesluit). Deel en gebruik van kombuis en woonkamers saam met een ander inwoner. Slegs nie-rokers welkom. Verkieslik geen troeteldiere. Naby 'The Grove' Winkelsentrum en snelweë.

**Kontak Riëtte by 082 776 6597**





Kontak my vir die bespreking van plaaslike en internasionale vakansies en besigheidsreise.

Alta Lötter
Tel: 012 653 2353 of 082 708 5876
alta.lotter@travelcounsellors.co.za
www.travelcounsellors.co.za/alta.lotter

travel counsellors



**AUGSBURG, OORNAG PUMULANI PRETORIA**

- RUSTIG EN STIL
- NABY N1
- 8 KM VAN KOLONNADE
- EN-SUITE KAMERS
- ELEKTRIES OMHEIN

BETTIE: 082 8577 315 / 012 808 0949



**BLOEMFONTEIN OORNAG-WOONSTEL**

• Ruim luukse oornag-woonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959


## ONDERSTEUN ONS BOEKWINKEL

Tel.: 012 362 1390
Faksnr.: 086 559 7239
E-pos: versending@apk.co.za

## Skoolkwartale 2018

**Eerste kwartaal:**
17 Januarie – 28 Maart
**Tweede kwartaal:**
10 April – 22 Junie
**Derde kwartaal:**
17 Julie – 28 September
**Vierde kwartaal:**
9 Oktober – 12 Desember

## Fees- en vakansiedae 2018

**1 Januarie** Nuwejaarsdag | **21 Maart** Openbare vakansiedag

**30 Maart** Goeie Vrydag | **1 April** Paassondag

**2 April** Gesinsdag | **6 April** Van Riebeeckdag/Stigtingsdag

**27 April** Openbare vakansiedag | **1 Mei** Openbare vakansiedag

**10 Mei** Hemelvaart | **20 Mei** Pinksterfees

**31 Mei** Republiekdag | **16 Junie** Openbare vakansiedag

**9 Augustus** Openbare vakansiedag | **14 Augustus** GRA-dag

**24 September** Openbare vakansiedag | **10 Oktober** Krugerdag

**28 Oktober** Hervormingsfees | **16 Desember** Geloftedag

**25 Desember** Kersdag | **26 Desember** Openbare vakansiedag

# Skolliekamp 2017

**Lambert Bosman**

**Hande geneem, bande gevorm. 'n Harmonieuse melodie het ontstaan, gelei deur die Gees. Snare van elke teenwoordige se hart is verbind rondom die woorde van Galásiërs 5:22: *Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.***

Skolliekamp 2017 onder leiding van ds. Attie Boshoff – 'n onvergeetlike avontuur vir ons klompie skoolverlaters. Daar was sommer baie pret. Ek beveel dit graag aan vir almal wat in die toekoms nog die skool gaan verlaat. Dit is nou vir jou 'n smaakvolle reis. Negentien van ons jong AP kerk-siele, afkomstig uit verskeie windrigtings van ons mooi land, kon hulle hierdie jaar in Christus verenig. Wees gerus toeskouers van hierdie jaar se stukkie onvergeetlikheid.

Dit begin met spanning in jou maag, want jy weet eenvoudig nie wat om te verwag nie. Vrolike gesigte maak 'n mens darem nuuskierig en vol hoop vir die onbekende agter die tydgordyn van die pad, wat – vir my – by AP Kerk Pretoria-Oos sou begin tot by die Steyns se plaas *Esperanza* (Hoop) in die buurt van Viljoenskroon. Ons het op Sondag 2 Julie 2017 om 15:00 daar aangekom.

Ds. Attie is bygestaan deur 6 besonderse leiers en natuurlik (wie kan haar vergeet?) sy vrou, tannie Hes. Sy het gesorg vir heerlike kos. Laastens, maar beslis nie die minste nie, het oom Danie en tannie Maritsa Pretorius saam met baba Barend, deel uitgemaak van hierdie uitmuntende span. Die kamp het daarop gefokus om ons klomp jong Christene toe te rus met geestelike gereedskap – God se *wapenrusting* – vir wat ná matriek vir ons almal voorlê. Belangrike onderwerpe is tydens die daaglikse Bybelstudies aangespreek. Dit het sentreer rondom onderwerpe soos sonde, vergifnis, geloofsekerheid, Christenwees, liefde, gebed en getuienis. Elkeen van hierdie onderwerpe raak jou lewe soos die verspreiding van 'n waterdruppel. Dit is geestelik nodig in die woestyndorheid van 'n wêreld wat jou geloof ontwater.

> *En nou bly geloof, hoop en liefde – hierdie drie;*
> *maar die grootste hiervan is die liefde.*

Uitlewing van die liefde het vir ons almal soos 'n paal bo water uitgestaan tydens die kamp. As ons tog die rykdom van hierdie kampervaring by elkeen van ons gemeentes in die AP kerkverband week na week kan beleef! Dit was 'n tasbare belewenis soos geen ander nie. Nie alleen het die personeel ooglopende liefde uitgestraal nie, maar 'n liefdesband is ook gekweek in die hart van elke jong Christen. Die aard daarvan? Christus Jesus, onse Here. Hy is mos ons strewe. Hy is veel meer as bloot 'n voorbeeld. Deur sy Heilige Gees woon Christus, die volmaakte Liefde, in ons.

Die kamp was vol met spanpret. Ons het baljaar in drie spanne: die blou, groen en die rooi span. Spanaktiwiteite, spangees, spanbemoediging en allerlei spanpogings het gehelp om te verstaan hoe ons as AP-kaners in 'n volksvreemde Suid-Afrika by mekaar betrokke kan wees. Ons kan waarlik veel meer doen as net om te oorleef. Waar ons individualisme oorwin, daar ontstaan 'n vertrouensband soos min. Elke gemeente kan as 'n span funksioneer, maar dit vra van elke spanlid om op

Vervolg op p. 34







LEEUDORINGSTAD

## VBO-afsluiting

Op 22 Oktober het Leeudoringstad hul VBO-afsluiting by Makarios langs die Vaalrivier gehou. Selfs senior lidmate het lekker saam gekuier en onder die kleurfees deurgeloop!

Baie dankie aan Andries en Mariette Roux wat ons VBO en gemeente altyd met ope arms ontvang.



## Nuwe belydende lidmate

Op 5 November 2017 het Koos Kloppers en Melissa Roux deel geword van Leeudoringstad se belydende lidmate. Ds. George Botha het die diens waargeneem.



Corna Bisschoff

## Skolliekamp 2017 (vervolg vanaf p. 33)

mekaar staat te maak. So 'n benadering skep 'n positiewe atmosfeer, 'n atmosfeer waar elke persoon jouself ten volle in die groep kan uitleef.

Ek het die musiek sommer baie geniet. Dankie dominee Attie! Goeie musiek het die vermoë om 'n mens se wese aan te spreek. Dit was die hele week lekker om te sing. Dit het ons so kragtig saamgebind. Deur in te hak en saam te sing het daar hemelse akkoorde verrys om die Here te prys. Jou binneste het tot besinning gekom. Jou siel het tot waardering gekom. Dit was voorwaar 'n vreugdevolle ervaring. Verder het ons ook volkseie liedere gesing. Jou hart het sommer warm geklop en verlang na 'n tuiste waar ons as Afrikaners maar net onsself kan wees. Sjoe, maar het 'n mens lewenswysheid nodig na matriek! Hoe om die lewe volwasse te benader; 'n oop oog te hê vir die sonde wat sovele ontspoor; bekering; ware vriende; die onmeetbare waarde van ouers; geldsake en tyd; verantwoordelike burgerskap, maar ook hoekom ons AP Kerk is ...

Ek kon nie glo die week het so vinnig verbygevlieg nie. Nog voordat ek huis toe kon verlang, moes ons mekaar al weer groet op Saterdag 8 Julie 2017. Mensig! Kan jy glo? Binne 'n kwessie van enkele dae het ons so na aan mekaar gegroei. Dit was moeilik om afskeid te neem. Hierdie vriendskappe is van onskatbare waarde. Wat 'n voorreg ... ja wat 'n avontuur! Ons is maar min in elke gemeente, daar op jou eie dorp en by jou eie skool. Die skoolverlaterskamp laat 'n mens besef: Daar is meer van ons. Ons dink dieselfde oor baie goed. Ons glo ook dieselfde. *Soli Deo Gloria!*









# Plaaslike kerkvergaderings

**Ds. Attie Boshoff**

**Daar is baie soorte vergaderings in die kerk van Christus. Sinodale vergaderings haal gewoonlik die nuus. Kerke bespreek daar dikwels rigtinggewende sake van gemeenskaplike belang. Dan is daar ringsvergaderings waar gemeentes wat "bure" van mekaar is, sake bespreek wat hulle in hulle omgewing raak. Ringe en sinodes is "meerdere vergaderings" omdat meer gemeentes as 't ware koppe bymekaarsit oor bepaalde sake en besluite neem wat almal raak.**

Die hartklop van die kerk word egter elders gehoor. Die plaaslike kerkvergaderings is die vergaderings in die hart van die gemeente. Hierdie vergaderings kan 'n kerk maak of breek. Dit is dikwels hierdie vergaderings wat in stilte die kerkverband dien, of met 'n lawaai die kerkverband skade aandoen.

Wanneer 'n mens iemand vinnig vra om die plaaslike kerkvergaderings te noem, sal baie lidmate sê dit is net die kerkraadsvergaderings. Dit is nie heeltemal verkeerd nie, maar ver genoeg van reg af. Kerkraadsvergaderings is maar een soort plaaslike kerkvergadering wat min of meer vier keer per jaar plaasvind.

Daar is nog twee ander selfstandige plaaslike kerkvergaderings. Dit is die Ouderlingeraad en die Diakonie. Daar is m.a.w. drie "rade" in die plaaslike kerk wat gereeld moet vergader, nl. die kerkraad, die ouderlingeraad en die diakonie (of raad van diakens).

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal sê 'n "raad" is "'n aangewese of verkose liggaam met 'n bepaalde mandaat, wat in 'n bepaalde besturende hoedanigheid is". 'n Mens sou ook kon sê 'n raad is 'n groep mense beklee met bepaalde bevoegdhede. So het die kerkraad, die ouderlingeraad en die diakonie hul eie bepaalde bevoegdhede. Hierdie drie rade dien die plaaslike kerk van die Here Jesus vanuit drie verskillende bevoegdhede.

## Kerkraad

Die kerkraad van 'n gemeente is 'n regspersoon en behandel die algemene sake van die kerk. Die kerkraad as regspersoon het 'n bankrekening, besit eiendom, kan kontrakte aangaan, neem mense in diens, ensovoorts. Artikel 32 van *Die Kerkorde* beskryf die bevoegdheid en verantwoordelikheid van die kerkraad breedvoerig. Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Die kerkraad hanteer die "brood en botter-sake" van die gemeente. Die kerkraad moet as rentmeesters teenoor die Here en die gemeente baie goed omsien na die belange van die gemeente. Die kerkraad besluit of 'n nuwe gebou aangekoop of gebou moet word, of die kerk geverf moet word en of die dak herstel moet word. Die kerkraad bestuur die gemeente se finansies.

Die kerkraad kan, ná kennisgewing, die gemeente enige tyd nooi na 'n kerkraadsvergadering om sake voor die gemeente te lê, hulle advies te vra en om inligting aan die gemeente deur te gee. Wanneer die advies van die gemeente verkry is, is dit nog steeds die kerkraad wat 'n besluit moet neem ('n Kerkraad sal nie baie wys wees om 'n besluit teen die advies van die gemeente in te neem nie, tensy daar werklik 'n goeie rede daarvoor is nie).

Die enigste sake waarin die gemeente regstreeks 'n stemming in 'n kerkraadsvergadering bepaal, is wanneer die gemeente opgeroep word om 'n predikant te beroep of om kerkraadslede te verkies. In die AP Kerk is dit vir ons belangrik om nie die gemeente uit te sluit by die verkiesing van die ampte nie. Elke belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, het stemreg wanneer 'n predikant beroep word of wanneer ouderlinge en diakens verkies word.

## Diakonie

Die diakonie is seker die Aspoestertjie van die plaaslike kerkvergaderings. In baie gemeentes funksioneer die diakonie nie eers nie. Artikel 34 van *Die Kerkorde* bepaal dat die diakonie as 'n onderskeie vergadering gereeld moet vergader onder 'n voorsitter wat uit eie geledere vir 'n termyn gekies word.

Die diakens se ampswerk word in Artikel 22 van *Die Kerkorde* uitgespel. Hulle moet toesien dat elke diaken besig is met die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het. Dit is die hart van die diakenamp. As die diakonie nie reg funksioneer nie, funksioneer die gemeente se barmhartigheidswerk nie reg nie.

Dit beteken diakens moet siekes, eensames en bejaardes besoek. Hulle moet op hoogte bly met die nood in hulle wyke. Hulle is die eerste arm van die kerk se barmhartigheid. Dit is baie jammer dat hierdie aspek van die diakensamp dikwels die meeste in 'n gemeente verwaarloos word ... As diakens tog maar net besef hoe belangrik hulle taak is! Kom ons stel dit prakties – dit behoort die diaken te wees wat die dominee inlig van siekte in sy wyk. Dit behoort die diaken te wees wat eerste weet as daar 'n probleem in sy wyk ontstaan, as iemand swaarkry of sy werk verloor het. Die diaken behoort sy vinger op die pols te hê oor die welstand van elke lidmaat in sy wyk.

Daarom bepaal Artikel 22 dat diakens gereeld en behoorlik huisbesoek moet doen. 'n Diakonie wat sy sout werd is, sal toesien dat elke diaken dit doen en daarvoor toegerus is. Die lidmate behoort die diaken die meeste in hulle huis te sien – nie om geld te kollekteer nie, maar om uit te vind hoe dit werklik met die lidmate gaan. Met die diaken se huisbesoek behoort daar vir die lidmate versterking uit die Woord gebring te word. Dit is werklik 'n jammerlike toestand as die diakonie in hierdie opdrag en taak faal en tekortskiet.

Die diakonie sien ook om na die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is. Dit beteken die diakonie moet mense aanspoor om betrokke te wees in die diens van barmhartigheid. Die Sustersaksie neem dikwels daardie verantwoordelikheid oor en dit is jammer as dit gebeur. Die diakonie behoort altyd die inisiatief te neem alhoewel hulle in praktyk baie nou met die susters sal saamwerk. Die eerste verantwoordelikheid hiervoor lê egter by die diakens en nie by die susters nie.

## Ouderlingeraad

Die ouderlingeraad is die geestelike enjinkamer van die gemeente. As die ouderlinge geestelik sterk is, sal dit deursuur na die gemeente. As hulle geestelik lou is, sal die gemeente ook lou wees.

Die ouderlinge se opdrag is die regering, opsig en tug oor die gemeente. Hulle moet toesien dat die Woord suiwer bedien word en die leer van die kerk suiwer bly. Dit beteken dat die eredienste, Bybelstudies, Verbondsonderrig, jeugaksies, gemeente-aksies, kampe, ensovoorts alles onder die toesig van die ouderlinge val. Dit beteken prakties dat ouderlinge saam met die leraar by elkeen van hierdie aksies die leiding en verantwoordelikheid moet neem en betrokke moet wees. Hulle moet teenwoordig wees, want hoe kan jy afwesig wees en toesig hou?

Die ouderlinge het die roeping om ander na Christus te lei – dit sluit sending en evangelisasie in. 'n Ouderling moet 'n passie vir die Here en vir sy Woord hê. Hy moet 'n passie vir die kerk van die Here hê. Hy moet ook 'n passie vir die mense in die gemeente en vir die mense in die wêreld hê.

Ouderlinge is die geestelike vaders en moet gereeld en behoorlik huisbesoek doen en verslag daaroor doen. Hulle moet toesien dat elke lidmaat suiwer in leer en lewe is, dat almal hulle as lewende lidmate van die kerk van ons Here Jesus gedra. Hulle moet hulle lidmate ken, want hulle is herders wat moet omsien na die Here se kudde wat aan hulle sorg toevertrou is.

Hulle moet tug as dit nodig is (natuurlik as geestelike vaders en nie as burgerlike regters nie), want dit is 'n eienskap van die ware kerk van Christus. Hulle moet orde in die gemeente handhaaf. Hulle moet vanuit die Skrif regeer, lei en dien.

## Plaaslike diens

Hierdie drie plaaslike kerkvergaderings staan elkeen vanuit sy eie "mandaat" of bevoegdheid wat die Here hulle gee in diens van die kerk van ons Here Jesus. Hulle bestuur die gemeente vanuit hulle spesifieke verantwoordelikheid. Deur hulle diens word die hande, oë en hart van ons Here Jesus in die gemeente sigbaar.

Gaan dit goed met ons kerk? As dit goed gaan met ons plaaslike kerkvergaderings, gaan dit goed met ons kerk. Natuurlik is die omgekeerde ook waar.




## Kerkjaarboek 2018 Prys: R110.00

Inligting in verband met die Akademie, die verskillende kommissies, die administrasie van die Kerkkantoor, predikante, gemeentes, ringe en verteenwoordigers van die Bybelgenootskap in die verskillende streke asook 12 maande se dagstukkies is in hierdie publikasie vervat.

'n Kosbare geskenk vir iemand na aan jou en handige naslaanboek vir daaglikse gebruik vir slegs R110.00! (Beperkte getal in voorraad.)







## Die Woord in die Hart deel 1 en 2

In ons huidige omstandighede waarin die Bybelse waarhede nie meer elders so volledig oorgedra word nie, rus die verantwoordelikheid toenemend op verbondsouers om hulle kinders "hieromtrent breedvoerig te onderrig". Dit is noodsaaklik dat die heilsdraad wat deur die Bybel loop, opnuut aan ons kinders verduidelik word, gesien in die lig van die feit dat 'n ontstellende neiging in kerklike kringe bestaan om veral die Ou Testament, maar selfs dele van die Nuwe Testament los te maak van die groot heilsplan van God. Daarom kan ouers met groot vrymoedigheid hierdie publikasies ook vir stiltetyd en Bybelstudie gebruik.

## FEBRUARIE 2018 | Verkorte Bestelvorm vir Publikasies

| PUBLIKASIE | PRYS | AANTAL BOEKE |
|---|---|---|
| **PREEKBUNDELS** | | |
| Die Rabbi op die berg (Viljoen, EM) | R95.00 | |
| Op die vleuels van 'n arend (Robbertze, HCG) | R30.00 | |
| Volhard enduit (Robbertze, HCG) | R80.00 | |
| Want in ses dae (Viljoen, EM) | R60.00 | |
| Wanneer die woestyn bly word | R85.00 | |
| **BYBELSTUDIE** | | |
| Blye versekering (1 Joh.) (Robbertze, HCG) | R75.00 | |
| Die Goue Draad (Hugo, GJ) | R90.00 | |
| Die Woord in die Hart (#1) (Van Niekerk, AJ) | R65.00 | |
| Die Woord in die Hart (#2) (Brink, IA & Swanepoel, CA) | R90.00 | |
| God werk met my (Van Schalkwyk, WJA) | R50.00 | |
| Hoséa vir vandag – 'n Bybelstudie (Adendorff, MC) | R95.00 | |
| Korrels uit Korinthiërs (Nel, SD) | R75.00 | |
| Maak my u weë bekend (#1) (Van Schalkwyk, WJA) | R80.00 | |
| Maak my u weë bekend (#2) (Van Schalkwyk, WJA) | R85.00 | |
| Rigters roep na redding (Hugo, GJ) | R85.00 | |
| Rut: Pion of Pionier? (Adendorff, MC) | R70.00 | |
| **KINDERS EN JEUG** | | |
| Asterix die Galliër (Goscinny, R) | R135.00 | |
| Bekkie en Millie (Hanzen, M) | R85.00 | |
| Die groot Afrikaanse heldeboek | R225.00 | |
| Diere-plesier in die natuur (Schoeman, H) | R25.00 | |
| Elfie (Kotze, L) | R25.00 | |

| PUBLIKASIE | PRYS | AANTAL BOEKE |
|---|---|---|
| Oloff die seerower – die seewraak (Radlof, G) | R75.00 | |
| Soektog in Katoren (Terlouw, J) | R155.00 | |
| Twee vir 'n stuiwer (Hickey, WA) | R155.00 | |
| Weet jy dit? (Du Toit, A en Cook, T) | R10.00 | |
| **ANDER PUBLIKASIES** | | |
| Die Bybel in Blokkies – Spreuke (Du Toit, A) | R60.00 | |
| Die Bybel in Blokkies – Psalm 1-29 (Du Toit, A) | R65.00 | |
| Handleiding vir kerklike administrasie (Greyling, LD) | R125.00 | |
| Jou roeping in die Koninkryk – Band I | R65.00 | |
| Jou roeping in die Koninkryk – Band 2 (Marè, R) | R115.00 | |
| Na my openbare belydenis van geloof (Viljoen, AP) | R40.00 | |
| Sola Scriptura – Deel 1 (Van der Waal, C) | R110.00 | |
| Sola Scriptura – Deel 2 (Van der Waal, C) | R135.00 | |
| Sola Scriptura – Deel 3 (Van der Waal, C) | R135.00 | |
| Sola Scriptura – Deel 4 (Van der Waal, C) | R200.00 | |
| **SINODALE PUBLIKASIES** | | |
| Besoekerskaartjies (R10.00 per pak van 4) | R15.00 | |
| Die Drie Formuliere van Eenheid | R65.00 | |
| Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk | R105.00 | |
| Ontmoetingsgesprek (KKCE) | R75.00 | |
| Ouderling en diaken in die Here se diens (Marè, R) | R60.00 | |
| Volwasse in die geloof (Marè, R) | R60.00 | |
| **BYBELS 1953-VERTALING** | | |
| Verskillende groottes en pryse | | |

! Alle Bybels is naslaan-Bybels • Alle pryse kan verhoog

**LET WEL:** Faks asb. u inbetaalstrokie tesame met die rekeningnommer by die Sentrale Kerkkantoor (bv. DB-001) na die Kerkkantoor sodat ons weet of u inbetaal het, wat die bedrag is wat u inbetaal het, asook vir watter rekening die inbetaling bedoel is.

**Pos u bestelling na: Versending, Posbus 25139 Monumentpark 0105 • Faksnr. 086 559 7239 • Tel.nr. 012 362 1390 • e-pos: versending@apk.co.za**

**Tjek-betaling aan/rekeningnaam: APK/GKK te ABSA • Reknr. 214 014 3068 • Hatfield-tak: 335 545 • Direkte inbetaling: 632 005**
Laat 21 dae toe vir aflewering. Posgeld is by die pryse van die boeke ingesluit. Pryse sluit BTW in en kan sonder vooraf kennisgewing verander.

WOORD LIG WAARHEID

# Die Afrikaanse Protestantse Akademie

Registrasienommer: 2002/031756/08

By die Departement van Hoër Onderwys as ’n privaat tersiêre onderwysinstelling geregistreer kragtens die Hoër Onderwyswet van 1997. Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001

## Geakkrediteerde Grade

**BTh vir :**

- Predikante
- Jeugwerk
- Berading
- Evangelisasie

**BA vir :**

- Onderwys
- Sielkunde
- Arbeidsverhoudinge
- Redigering

## Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS)

- Senior- en Verdere Onderrig en Opleidingsfases

Kom studeer by die APA in Afrikaans met ’n visie op die klassieke Christelike tradisie

**KONTAKBESONDERHEDE**

• E-Pos: bemarking@apa.ac.za • Webtuiste: www.apa.ac.za • Sel: 072 353 4626 • Tel: 012 344 3960

AP AKADEMIE

"Ou Spore - Nuwe Weë"



JEUG BOODSKAPPER

NO. 120 • FEBRUARIE 2018 • TEL. (012) 362 1390 • FAKS (012) 362 2023 POSBUS 25139 Monumentpark 0105

# Pas jou verhouding binne God se raamwerk?

Visse is gemaak om in water te lewe. Almal weet dit. Maar sê nou een kyk op 'n dag op en dink: "Sjoe! Ek wil uit die water uit, ek wil so vry soos die voëls daarbo wees" en hy besluit om dadelik die daad by die woord te voeg en uit die water te spring, gaan hy regtig vry wees?

Nee. Visse is nie geskape om buite die water te lewe nie. Die oomblik as daardie vis uit die water is, kan hy skaars beweeg! Erger nog, ná 'n paar minute is daardie vis dood omdat hy nie meer kan asemhaal nie. 'n Vis buite die water is nie vry nie, hy is dood! 'n Vis is op sy gelukkigste ín die water.

Mense is nie visse nie, maar tog het God ons gemaak om, soos visse, op 'n sekere manier te lewe. Doen ons dit, kan ons die Here se seën verwag. Doen ons dit nie, dan is daar altyd gevolge ... Om in die water te bly, is slegs moontlik deur die krag van Christus.

Vandag dink baie mense (Christene ook) min of meer op die volgende manier oor verhoudings (besluit self of ek reg is):

- Dit begin met 'n ou of 'n meisie wat inisiatief neem en die ander een uitvra.
- As julle twee 'n "item" is, dan wil julle soveel as moontlik tyd saam (en verkieslik eenkant) spandeer.
- Die doel van die verhouding is nie om te trou nie (ten minste nie aanvanklik nie).

Die Bybel se prentjie van verhoudings lyk baie anders:

- Die verhouding is altyd onder die toesig en leiding van ouer en meer ervare gelowiges.
- Die doelwit van die verhouding is van die begin af om te trou.

Gaan kyk self na die volgende Skrifgedeeltes en maak 'n lys van al die gedagtes wat jy raaklees.

| | |
|---|---|
| 1 Kor. 6:9-7:19 | Die opdrag om rein te wees. Losbandigheid is 'n ernstige saak. Riglyne vir die huwelik. |
| 1 Thes. 4:1-8 | God se doel met my verhouding. |
| Hoogl. 2:7 | Is jy gereed om die verantwoordelikhede van 'n verhouding te dra? |
| Spr. 6:20-7:27 | Luister na jou ouers, laat jou deur hulle oppas. Waarskuwing teen dwase verhoudings. |
| Jak. 1:13-15 | Versoekings is nie speletjies nie. |
| Rom. 14:7-8 | Jou doel, ook in jou verhouding. |
| Tit. 2:1-8 | Jong manne en vroue moet daarop fokus om heilig te lewe. |
| Joh. 14:15 | Hy wat Jesus liefhet, sal sy gebooie bewaar en nie doen wat hy wil nie. |

As ons oor verhoudings dink, maak ons meestal drie foute:

- Ons **soek** na die **"regte een"**. Die Bybel leer ons om eerder die "regte een" **te wees**. Ons moet daarom eerder ons tyd gebruik om voor te berei as om te soek.
- Ons wil **eers intimiteit** hê en **dan toewyding**. Die Bybel leer ons om **eers toegewyd** te wees, **intimiteit is vir die huwelik**. (Dalk is dit waarom ons so maklik seerkry ...)
- Ons soek na die regte een deur **te maak asof ons getroud is**. As dit werk "sit ek 'n ring daarop", anders nie. Die Bybel leer ons dat **die huwelik** en alles wat dit beteken **baie spesiaal** is. Ons moet baie versigtig wees hoe ons vir die huwelik voorberei.

Die Bybel wys ons hoe God wil hê ons verhoudings moet lyk. Daar is wel nie 'n vers waarheen ons kan blaai om te sê: "Kyk daar!" nie. Maar, as jy so bietjie soek, kry jy gou 'n antwoord. Die vraag is nou: Gaan ons lewe soos wat Hy ons gemaak het, soos visse in die water, of gaan ons soos daardie vis op droë grond eindig?

**Groete, ds. Henning**

In Génesis 1: 27 staan: *En God het die mens geskape na sy beeld.* Is dit nie wonderlik nie? Ek en jy is na God se beeld geskape!! Net soos wat jy lyk, so wou God jou gehad het spesiaal vir Hom.


Lekker inkleur!




(Uit *Bybelinkleurboek deel I* – Ryna Enslin)

# BYBELWOORDBLOK: Soek die woorde - Joh. 6: 16-21

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | Y | L | | | K | A | A | N | D |
| E | G | H | | | | G | B | N | O |
| S | M | N | | | | | A | L | N |
| T | | | | | | L | M | J | K |
| E | L | M | | | | W | S | E | E |
| R | S | O | | | | I | T | S | R |
| K | A | E | | | | N | R | U | F |
| E | D | | | | | D | T | S | G |
| E | | | | | | W | B | D | K |
| K | A | | | P | S | K | U | I | T |



**Soek die onderstreepte woorde in die blokkie (Joh. 6:16-21).** Woorde verloop **Dwars** en **Af**; slegs 1 woord is diagonaal gerangskik.

*En toe dit **aand** geword het, het sy dissipels afgegaan na die **see** toe. En nadat hulle in die **skuit** geklim het, het hulle oor die see gevaar na Kapérnaüm; en dit was al **donker,** en Jesus het nog nie by hulle gekom nie. En die see was onstuimig, omdat 'n **sterk wind** gewaai het. En toe hulle omtrent drie of vier **myl** geroei het, sien hulle **Jesus** op die see loop en naby die skuit kom; en hulle het **bang** geword. Maar Hy sê vir hulle: Dit is **Ek,** moenie vrees nie. Toe was hulle gewillig om Hom in die skuit te neem. En dadelik het die skuit by die **land** aangekom waar hulle na toe gegaan het.*

**Maak 'n muis:**

1. Gebruik 'n papierrolletjie vir die lyfie en die hoedjie. Versier hulle met gekleurde papier; teken ogies en 'n mond.
2. Teken 'n neus op een kant van 'n dubbele laag dun karton, knip uit en plak punte vas. Buig 'n randjie in elke helfte en plak die neus op die lyfie vas (soos op die prentjie).
3. Teken voete met tone op dun karton, knip uit, sny 'n gleufie in elke voet en skuif die kartonrolletjie daarin.
4. Teken 2 arms met hande, knip uit, versier arms met papierklere en plak aan rolletjie vas.
5. Knip 'n stert, sny gleufie en skuif die rolletjie daarin. Verskuif stert en voete totdat muis regop kan sit.
6. Sny snorbaarde van papier en ore van karton, plak vas.

Teks, uitleg en illustrasie: Daleen Pienaar. 2017



# ONS EERSTE SOEN –
## Francois en Carrie-Anne Duvenhage se sprokiesverhaal

Op die 12de Desember 2016, toe ons begin uitgaan het, het ons besluit dat ons vir die eerste keer sal soen wanneer ons trou. Op dieselfde dag het ons besluit om God eerste in ons verhouding te stel en dan mekaar. "Bedoel jy dat julle vir die eerste keer gesoen het op julle troudag?", mag jy dalk vra. Dit is korrek! Raar maar waar. "Maar hoekom?", vra jy seker nou: "Almal soen deesdae, dit is mos wat almal doen." Dit mag so wees, maar kom ons vertel hoekom ons die besluit geneem het. Die wêreld bombardeer ons met prentjies, films en musiekvideo's waarin dit die norm is om fisies te raak voor die huwelik en selfs buite 'n romantiese verhouding. Boonop word daar ook die valse indruk geskep dat die huwelik 'n vervelige instelling is en dat verhoudings meer opwindend buite die huwelik is.

Elke verhouding tussen 'n man en vrou is spesiaal, veral in God se oë. Ons het besluit om God eerste te stel en om Hom te vereer in ons verhouding. Ons het besluit om mekaar nie net te respekteer in hoe ons met mekaar praat en mekaar behandel nie, maar ook met ons liggame deur nie te soen of enige ander fisiese grense te oorskry nie. Ons het met ons kerkleiers gepraat en hulle vertel oor die besluit wat ons geneem het sowel as die mense teenoor wie ons aanspreeklik is. Dit was beslis nie maklik nie en daar was vele kere wat die versoeking daar was om oor die tou te trap en in te gee, maar deur God se genade het ons sterk gestaan in ons besluit om God en mekaar te respekteer.

Was ons verhouding enige pret? Ja, beslis! Ons het gereeld op uitstappies gegaan, gefliek, roomys op die strand gaan eet, Tafelberg gaan verken en hande vasgehou. Dit was en is nog steeds 'n romantiese avontuur. Films skep graag die illusie dat die mense wat soen en te kere gaan baie meer pret het en dat die ander mense droë pruime is. Dit is 'n leuen. Ongelukkig het die duiwel die wêreld oortuig dat dit die geval is. Ons kan getuig hoe belonend dit is om te wag. Op die 9de April het ek op my een knie gesak en vir Carrie-Anne gevra om "vir altyd" myne te wees. En ten spyte van die groot gebeurtenis en die romantiese oomblik, het ons nie gesoen nie. Ons was nie lank verloof nie. Ons het geweet dat ons res van ons lewens saam wil wees. Op die 15de Julie 2017 het ons trou aan mekaar beloof en kon ons uiteindelik die langverwagte soen gee.

Hierdie beginsel is van toepassing op alle aspekte van ons lewens. Versoeking sal altyd deel wees van die lewe, maar jy kan gerus weet dat jy dit sal kan oorwin deur Jesus Christus. Hy was self deur die duiwel versoek nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het. Hoe het Hy dit oorkom? Deur God se Woord! Hy het verse uit die Ou Testament aangehaal. In Efésiërs 6:11 staan daar geskrywe: *Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.*

Ons hoop dat ons storie jou sal inspireer om dieselfde besluit te neem en om jouself rein te hou vir jou man of vrou eendag. Glo ons – dit is die moeite werd!

